

# Sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is

Carien Zeeman en Sufran Smith

---

Carien Zeeman, maatskaplike werker in privaat praktyk en  
Sufran Smith, Departement Maatskaplike Werk, Skool vir Psigosoosiale Gesondheid,  
Noordwes-Universiteit

---

## *Opsomming*

Professionele persone vind dat dit algemeen vir egspare is om destruktiewe gedrag en negatiewe gevoelens gedurende egskeiding te ervaar. Wanneer daar egter kinders betrokke is, is dit noodsaaklik om gevalle van moontlike hoëkonflikegskeidings te identifiseer. Hierdie ondersoek het beoog om sosiale merkers met betrekking tot hoëkonflikegskeidings te identifiseer sodat maatskaplike werkers wat spesialiseer in forensiese maatskaplike werk die hof van gepaste en verantwoordbare raad kan bedien. Die navorsers het van 'n kwalitatiewe benadering en beskrywende navorsing gebruik gemaak. Semigestrukteerde onderhoude, gebaseer op die literatuur se hipoteses van moontlike tekens van hoëkonflikegskeidings, is met maatskaplike werkers gevoer wat werk met kliënte betrokke in egskeidings met hoë vlakke van konflik.

Die ingesamelde inligting is ontleed aan die hand van bestaande literatuur, waarna die bevindings dan forensiese maatskaplike werkers beter in staat mag stel om die moontlikheid van langdurige konflik te voorspel en daaropvolgend advies aan die hof te voorsien ten opsigte van die versorging van die kinders. Die navorsers het intrapersonlike, interpersoonlike en eksterne faktore as sosiale merkers in gevalle van hoëkonflikegskeidings waar kinders betrokke is, geïdentifiseer. Vir die doel van hierdie ondersoek is daar van 'n doelgerigte, nie-waarskynlikheidsteekproefneming gebruik gemaak met 'n sneeubal-steekproefneming. Daar het 11 deelnemers aan semi-gestrukteerde onderhoude deelgeneem en data is tematies ontleed.

**Trefwoorde:** egskeiding; forensiese maatskaplike werk; hoëkonflikegskeidings; kinders; sosiale merkers

## ***Abstract***

### **Social markers of high-conflict divorces involving children**

Forensic social work, recognised as a specialised field in South Africa, entails the evaluation of individuals grounded in legal principles, and these experts serve as court-certified witnesses. In South Africa, where forensic social work is relatively emerging, available literature addressing topics in this field is limited. It is not uncommon for couples to encounter negative outcomes and emotions during the divorce process. However, when children are part of the equation, it becomes crucial to identify divorce scenarios that could escalate into high-conflict situations. This study aimed to pinpoint social markers that may contribute to the emergence of high-conflict divorces, with the intention of providing forensic social workers with the necessary information to offer the court informed guidance for addressing and mitigating elevated conflict levels in advance.

There is a limited body of literature addressing the potential explanations, specifically social indicators, and comprehension of the social cues associated with ongoing parental conflict. While the presence of social markers for couples immersed in intense conflict is acknowledged, research in this area appears to be primarily in its preliminary stages. Consequently, there is a pressing need for further empirical research into the social indicators of high-conflict divorces. A more comprehensive empirical grasp of these social markers could enable us to distinguish between mere noise and the indicators that genuinely contribute to the escalation of conflict in divorce situations.

Additionally, there is a noticeable absence of literature examining the markers of high-conflict divorces within the context of South Africa. It is plausible that the social markers previously identified in international literature as contributing to chronic conflict may differ when applied to the South African context.

It is thus evident that there is a noticeable void in the existing body of literature, as no framework is available to aid forensic social workers in assessing individuals involved in a highly conflict-ridden divorce process in the South African context. To achieve the study's objectives, the main researcher sought to gain a comprehensive understanding of the social markers associated with high-conflict divorces that involve children. In undertaking this research study, the researcher established the objective of addressing the following research question: "What are the social markers of high-conflict divorces involving children?"

A qualitative research approach was employed. This approach was well-suited to the research study and enabled the researcher to identify the experiences and observations of participants who were forensic social workers in private practice, regarding social markers of high-conflict divorces involving children.

The research design was both descriptive and exploratory in nature. Despite various possible theoretical explanations in the literature for the occurrence of high-conflict divorces, descriptions of social markers related to this phenomenon are still lacking. The descriptive and exploratory

research design allowed the main researcher to expand upon the limited information available on the phenomenon, providing a more comprehensive description.

The research study encompassed forensic social workers operating in both the City of Cape Town's Metropolis and the Cape Winelands District. These professionals offer their services to individuals entangled in high-conflict divorce cases.

The research participants consisted of forensic social workers in private practice who specialised in working with high-conflict divorcing parents. The recruitment process targeted social workers registered with the SACSSP (South African Council for Social Service Professions). To be eligible, participants needed a minimum of five years of experience as a social worker, with specific expertise in providing services to individuals involved in protracted, high-conflict divorces that also included children.

A customised interview questionnaire was prepared to facilitate the gathering of additional insights on the research subject. The interviews were conducted in person, allowing for a deeper comprehension of the participants' experiences, which will be further elucidated later in the study.

The research project was approved by the NWU Health Research Ethics Committee (HREC) with clearance number NWU-00931-19-A1.

The researchers analysed, ordered, structured and gave meaning to the research data.

The following aspects have been found to be social markers of high-conflict divorces involving children:

#### *Theme 1: Intrapersonal factors*

This theme explores the participants' experience, knowledge and understanding of the role of intrapersonal factors in the development of high-conflict divorces and is divided into three subthemes.

##### Subtheme 1: Personality disorders

The participants expressed the belief that pathology, particularly in the context of personality disorders, is responsible for individuals' destructive, irrational, inflexible, and self-centred behaviour. It seems that these individuals engage in such behaviour without being aware of it.

##### Subtheme 2: Emotional intelligence

It has been reported that the absence of emotional intelligence is a social marker of high-conflict divorces involving children.

##### Subtheme 3: Experience of loss

The participants stressed the significant losses associated with divorce and highlighted that the response to these losses, irrespective of the natural grieving process, could result in conflicts when parents lack the capacity to cope with their loss and progress through the stages of mourning in a constructive manner.

### *Theme 2: Interpersonal factors*

This theme explores the participants' experience, knowledge, and understanding of the role of interpersonal factors in the development of high-conflict divorces.

#### **Subtheme 1: Individual history and family experiences**

Individuals who have encountered early traumatic interpersonal experiences and exhibit potentially insecure attachment styles may serve as indicators of high-conflict divorces within the social context.

#### **Subtheme 2: Lack of interpersonal skills**

In high-conflict divorces, inadequate communication, listening, conflict resolution, or problem-solving abilities in one or both parents can serve as a social indicator. These deficiencies contribute to the emergence, persistence, and intensification of conflicts within the family dynamic.

#### **Subtheme 3: Insufficient knowledge about divorce**

In high-conflict divorces, it seems that a lack of adequate knowledge and comprehension regarding the divorce proceedings is indicative of a social characteristic among parents.

#### **Subtheme 4: Domestic violence, allegations of child abuse, and substance abuse**

Domestic violence, false accusations of child abuse, and substance abuse by parents have been reported to be social markers of high-conflict divorces.

### *Theme 3: External factors*

This theme explores the role of external factors in the development of high-conflict divorces.

#### **Subtheme 1: Judicial system**

It was found that the way in which legal practitioners use the Western legal system is a social marker regarding high-conflict divorces.

#### **Subtheme 2: Finances**

The participants indicated that finances are a social marker regarding high-conflict divorces.

#### **Subtheme 3: Co-parenting challenges: access to and handling of children**

The participants believed access to and handling of children is a social marker regarding high-conflict divorces.

#### **Subtheme 4: Additional persons**

The participants reported that coalition formation between parents and other persons involved in the divorce is a social marker regarding high-conflict divorces.

Forensic social work, regarded as a specialised field, involves the systematic assessment of individuals based on legal foundations, and these professionals testify as experts in court. In South Africa, where forensic social work is relatively new, there is a scarcity of literature on specific issues. In divorce cases characterised by high conflict, forensic social workers may be tasked with evaluating the parental couple and making recommendations regarding the minors involved. Unfortunately, international or local literature on identifying potential signs, or social

markers, of high-conflict divorces is currently limited. This research aims to fill this gap, providing essential literature that can support the conclusions and recommendations of forensic social workers during court proceedings.

The investigation identified social markers that could contribute to high-conflict divorces, categorised into three themes: intrapersonal factors, interpersonal factors, and external factors. The researchers concluded that these social markers manifest at multiple levels of parental functioning, and the underlying causes of these behaviours are complex and should not be oversimplified.

The study revealed that some parents' reactions to their losses, particularly their inability to reach the stage of acceptance, can serve as a social marker of high-conflict divorces. Their persistent engagement in the aggression phase, adoption of a win-lose mentality, and a subsequent confrontational approach toward each other are indicative of this behaviour. The participants' feedback also highlighted issues like domestic violence, allegations of child abuse, and substance abuse as social markers in the context of high-conflict divorces.

Additionally, the research highlighted that the involvement of third parties, such as individuals associated with one or both parents, can be a social marker of high-conflict divorces. These individuals often lack a comprehensive understanding of the parents' needs, the other person's perspective, or the family dynamics. They tend to become embroiled in the divorce conflict, promoting inflexible and uncompromising positions, reinforcing biased views of the other parent, drafting recommendations, and even testifying on behalf of their adult client.

**Keywords:** children; divorce; forensic social worker; high-conflict divorces; social markers

## 1. Inleiding en probleemstelling

Die huwelik is 'n sosiale proses waartydens twee individue op 'n persoonlike en intieme basis met mekaar in 'n vrywillige verwantskap tree met die wedersydse belofte en verbintenis om hul lewens met mekaar te deel (Faye, Kalra, Subramanyam, Shah, Kamath en Pakhare 2013:259). Die hoë voorkoms van die verbreking van hierdie verbintenis, genaamd egskeidings, het egter wêreldwyd en plaaslik bykans die norm geraak en neem steeds betekenisvol toe (Ghoreishi, Shirmohammadi en Barjvand 2014:5; Lauroba 2014:56). Trouens, Christopher, Wolchik, Tein, Carr, Mahrer en Sandler (2017:799) beskryf egskeidings as 'n aansienlike openbare gesondheidsbekommernis weens die hoë voorkoms en negatiewe gevolge daarvan. Kulik en Heine-Cohen (2011:05) is van mening dat egskeidings waarskynlik die mees dramatiese en verrekende waargenome verandering in die gesinslewe van die 20ste eeu is en navorsers skat dat tussen 43% en 46% van huwelike in egskeidings eindig (Henry, Fieldstone, Thompson en Treharne 2011:455).

Dit blyk dat hierdie internasionale tendens ook op Suid-Afrika van toepassing is. Volgens Statistiek Suid-Afrika (2020:7) het vier uit elke tien egskeidings (44,3%) van die 25 284 egskeidings in 2018 se huwelike korter as 10 jaar geduur. Verder word gerapporteer dat die Wes-Kaapprovincie die tweede hoogste aantal egskeidings, naamlik 24,8%, toegestaan het (Statistiek Suid-Afrika 2020:6). Statistiek oor hoeveel van laasgenoemde as hoëkonflik-

egskeidings getipeer is, blyk nie beskikbaar te wees nie. Statistiek Suid-Afrika (2020:8) rapporteer dat daar in 56,6% van die toegestane egskeidings in 2017 minderjarige kinders betrokke was. Visser, Finkenauer, Schoemaker, Kluwer, Van der Rijken,

Van Lawick, Bom, De Schipper en F. Lamers-Winkelmann (2017:3055) staaf dat een van die mees uitdagende take vir ouers na 'n egskeiding is om 'n mede-ouerskapsverhouding van hoë gehalte te bewerkstellig. Sodanige verhoudings word deur beperkte en hanteerbare konflik gekenmerk.

Malcore, Windell, Seyuin en Hill (2010:50) verduidelik dat dit algemeen is vir egpare om destruktiewe gedrag en negatiewe gevoelens gedurende die egskeiding te ervaar. Konflik is per definisie deel van die proses wat uitloop op 'n egskeiding en is ook teenwoordig tydens die egskeidingsproses self. Haddad, Phillips en Bone (2016:243) beaam Malcore e.a. se siening en meld dat tussen 70% en 80% van individue egter hierdie konflik en gepaardgaande negatiwiteit binne ongeveer een jaar na egskeiding suksesvol oplos.

Daar is egter 'n subgroep egpare wat voortdurende hoë, destruktiewe vlakke van konflik, soos onopgeloste woede en vrees, teenoor mekaar openbaar wat meestal nie effektief opgelos word nie (Demby 2016:458). Volgens internasionale literatuur word daar beraam dat die oorblywende 10% tot 20% van egpare wat skei, daarin misluk om die noodsaaklike heraanpassing ná die egskeiding suksesvol te voltooi. Dit blyk dat hoë vlakke van intense onopgeloste konflik die kritieke veranderlike kan wees wat onder meer die proses in die wiele ry (Amundson en Lux 2016:10; Joyce 2016:643).

Hierdie gevalle word geklassifiseer as "hoëkonflikegskeidings" met 'n ondergemiddelde tot swak prognose vir die suksesvolle oplossing van die konflik. Die waarskynlikheid van voortdurende konflik en herhalende patronen van konflikterende gebeure blyk in hierdie gevalle hoog te wees. Die tydperk van hierdie konflikgelaaide interaksiepatrone word nie geïdentifiseer nie, maar wel met woorde soos "deurlopend" beskryf (Visser e.a. 2017:3055).

Ten spyte van die gereelde gebruik van die begrip *hoë konflik* is dit nog nie presies op 'n klinies betekenisvolle wyse gedefinieer nie (Anderson, Anderson, Palmer, Mutchler en Baker 2011:11). Volgens Davidson, O'Hara en Beck (2014:29) het die probleem om die verskynsel te definieer te make met die feit dat die meeste egpare, getroud of geskei, gedrag toon wat goedskiks as "hoëkonflikgedrag" beskryf sou kon word. Die vraag is dus, wat is die onderskeid, indien wel, tussen normale of verwagte konflik in 'n egskeidingsituasie en hoëkonflikgedrag. Verskillende navorsers en studies (Amundson en Lux 2016; Davidson e.a. 2014; Elrod 2001; Haddad e.a. 2016; Joyce 2016; Levite en Cohen 2012; Scharff 2004) het oor die jare probeer om hierdie verskynsel te definieer en/of kenmerke rakende die aard van hoëkonflikegskeidings omvattend te identifiseer, al is dit dan op uiteenlopende wyses.

Opgesom blyk hoëkonflikegskeidings te verskil van egskeidings met hanteerbare vlakke van konflik, weens die omvang van voortgesette vyandige interaksies, regsbetrokkenheid (Joyce 2016:644; Malcore e.a. 2010:50) en die onvermoë om die struwelinge te laat vaar (Stacer en Stemen 2000:243). Verdere kenmerke waarop gewys word, is die aanwesigheid van gevoelens soos woede, seer, vrees en misnoeë (Jacobs en Jaffe 2010:18), konflik-dominerende interaksies en kommunikasie (Anderson e.a. 2011:16) en verdedigingsmeganismes soos vermyding, ontrekking, blokkering en verdeling (die organisering van ervarings in kategorieë soos liefde vs. haat). Nog kenmerke sluit in projeksie (wanneer die persoon se eie gevoelens, gedagtes of impulse toegeskryf word aan iemand anders) en pogings om die ander individu te beheer (Anderson e.a. 2011:17), asook fisiese en sielkundige aggressie (Anderson e.a. 2011:17; Joyce 2016:644), gesinsgeweld (Garber 2014:26; Haddad e.a. 2016:248; Joyce 2016:647), negatiewe beoordeling,

dualistiese denke en wantroue (Anderson e.a.2011:18; Mitcham-Smith en Henry 2007:369) en hoë emosionele reaktiwiteit wat lei tot 'n verhoogde vyandige emosionele klimaat gevul met antagonisme, vervreemding, hulpeloosheid en ook wraak.

Vir die doel van hierdie ondersoek, sal Levite en Cohen (2012:46) asook Haddad e.a. (2016:244) se definisie van hoëkonflikegskeidings gebruik word. Hierdie navorsers definieer die verskynsel soos volg: Egparye wie se verhouding gekenmerk word deur 'n hoë vlak van woede, vyandigheid, wantroue, voorvalle van verbale en/of fisiese mishandeling, hoë vlakke van litigasie en voortdurende uitdagings in kommunikasie en samewerking rakende die versorging van kinders. Ten spyte van die uiteenlopende wyses waarop hoëkonflikegskeidings gedefinieer word, verg die verskynsel aandag, nie net om die teenwoordigheid van skadelike hoë vlakke van konflik te herken nie, maar ook weens die statistiese beraming dat hoë konflik in ongeveer een uit elke vier egskeidings teenwoordig is, asook weens die destruktiewe impak wat dit op kinders het (Malcore e.a.2010:51).

Daar blyk nie baie studies beskikbaar te wees oor die effek van hoëkonflikegskeidings op kinders nie. Daar is egter omvattende literatuur beskikbaar oor die negatiewe impak van voortdurende/ aaneenlopende ouerlike konflik op die kind(ers) (Barnwell en Stone 2016:110; Roodt, Wessels en Smith 2021:90; Sarrazin en Cyr 2007:77). Klinici en forensiese praktici stem trouens saam dat die mees skadelike effek van egskeiding op kinders se aanpassing en welstand die blootstelling aan ouerlike konflik is (Bernet 2015:1; Visser e.a.2017:3055) en dat ouerlike konflik 'n primêre oorsaak van die negatiewe impak op betrokke kinders is (Bernet 2015:1; Joyce 2016:643; Malcore e.a. 2010:51; Mitcham-Smith en Henry 2007:368; Visser e.a. 2017:3055), asook 'n hoofbepalende faktor van die kind se na-egskeidingsaanpassing (Scharff 2004:271).

Met ouerlike konflik as een van die hoofkenmerke in 'n hoëkonflikegskeiding (Mitcham-Smith en Henry 2007:368), kan die stelling gemaak word dat hoëkonflikegskeidings meer skadelik is as egskeidings waar daar nie hoë konflik voorkom nie en daarbenewens kan lei tot groter negatiewe gevolge. Mitcham-Smith en Henry (2007:368) asook Joyce (2016:643) beaam hierdie stelling deur te staaf dat hierdie egskeidings met aaneenlopende en aanhoudende hoë konflik lei tot groter emosionele risiko en sielkundige skade vir kinders as ander egskeidings. Trouens, verskeie skrywers (Demby 2016:45; Jacobs en Jaffe 2010:17) voer aan dat hierdie blootstelling aan kroniese hoë vlakke van ouerlike konflik 'n betekenisvolle risikofaktor is ten opsigte van die negatiewe impak op die kort- en langtermynaanpassing van kinders. Gevolge soos gedragsprobleme (Henry, Fieldstone, Thompson en Treharne 2011:457), angstigheid, depressie en 'n lae selfbeeld (Jacobs en Jaffe 2010:17), kognitiewe dissonansie en vlakke van geestelike ongemak (Bernet 2015:2), geïnternaliseerde en geëksternaliseerde probleme, en die risiko van laer vlakke van sielkundige funksionering (Painter 2016:4) vergesel die konflik.

Die rede hiervoor, eenvoudig gestel, is volgens Henry e.a. (2011:456) dat onopgeloste ouerlike konflik geneig is om ouerlike kapasiteit beduidend te verminder (Smyth en Moloney 2019:77) en ouers betrokke in hoëkonflikegskeidings hoofsaaklik in eie belang optree en nie in die beste belang van die kind nie. Instemming kan betuig word met Joyce (2016:647) se stelling dat kinders vasgevang in die emosionele onstabilitet van 'n hoëkonflikegskeiding 'n vorm van emosionele verwaarloosing en mishandeling beleef.

Literatuur oor die potensiële tekens van hoëkonflikegskeidings, oftewel sosiale merkers, en die begrip van die sosiale merkers van volgehoue konflik tussen ouers is relatief skaars (Jacobs en Jaffe 2010:18; Levite en Cohen 2012:46; Malcore e.a. 2010:51). Ter opsomming word gemeld dat hierdie sosiale merkers (Haddad e.a.2016:254; Levite en Cohen 2012:47) die verdraaiing

van realiteit en emosies (Ehrlich 2001:308), teenwoordigheid van vrees en angstigheid by partye (Stacer en Stemen 2000:245), finansiële omstandighede (Bonach 2005:79) en/of die toegang tot en hantering van kinders (Levite en Cohen 2012:46) kan insluit.

Bosch-Brits, Wessels en Roux (2018:91) voeg by dat ouervervreemding in Suid-Afrika nog 'n belangrike verskynsel is waarvan forensiese maatskaplike werkers en regslui moet kennis neem en wat hulle moet verstaan. Ouervervreemding vind plaas wanneer een ouer die kontak en verhouding tussen die kind en die ander ouer sonder gegrondte redes ondermy of benadeel. Die verskynsel van ouervervreemding kom hoofsaaklik in hoëkonflikegskeidingsake voor en gaan dikwels gepaard met versorgings- en kontakgeskille (Bekker, Van Zyl, Waterford en Labuschagne 2004; Zastrow 2010).

Cashmore en Parkinson (2011:186) voer aan dat navorsing op hierdie gebied hoofsaaklik teoreties van aard is en dat empiriese ondersoek van hierdie sosiale merkers nog ontbreek. Binne die huidige ondersoek sal daar na die kenmerkende eienskappe as "sosiale merkers" verwys word. Sosiale merkers word vir die doeleindes van hierdie ondersoek gedefinieer as 'n aanduiding van die status van 'n verskynsel (Cambridge Dictionary 2019).

Die moontlike bestaan van sosiale merkers vir hoëkonflikegpare word nie ontken nie (Haddad e.a. 2016:244; Malcore e.a. 2010:52). Die navorsing blyk egter nog in die verkennende fase te wees, met die gevolg dat daar 'n behoeftte bestaan om verdere navorsing oor die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings op 'n empiriese wyse te doen. 'n Beter en duideliker empiriese begrip van die sosiale merkers kan lei tot die onderskeiding tussen "geraas" ("noise") en die sosiale merkers wat werklik hoë vlakke van konflik binne 'n egskeidingskonteks kenmerk. Verder blyk dit dat daar nie literatuur oor die merkers van hoëkonflikegskeidings binne die Suid-Afrikaanse konteks beskikbaar is nie en daar is 'n moontlikheid dat reeds genoemde sosiale merkers soos aangedui in internasionale literatuur binne die Suid-Afrikaanse konteks kan verskil.

Ten spyte daarvan dat Combrinck (2014:21) asook Suid-Afrikaanse navorsers Bosch-Brits e.a. (2018:91) tot die gevolgtrekking kom dat hoëkonflikegskeidings nie slegs een oorsaaklike faktor het nie, blyk die genoemde navorsers se opinie rakende oorsake en/of kenmerke van hoëkonflikegskeidings op internasionale literatuur gebaseer te wees. Trouens, daar word nie aangedui of genoemde verskynsel se kenmerkende eienskappe binne die Suid-Afrikaanse konteks ooreenstem met internasionale literatuur nie.

Forensiese maatskaplike werk is 'n relatief nuwe veld in Suid-Afrika (Chauke en Smith 2021:77) wat dus verdere navorsing in die veld vereis. Smith, Wessels en Strydom (2018:74) verduidelik dat forensiese maatskaplike werk 'n spesialiteitsveld is waar die maatskaplike werker met wetgewing as onderbou individue sistematis evalueer. Tans kan maatskaplike werkers in Suid-Afrika nog nie as forensiese maatskaplike werkers registreer nie, maar die begrip *forensiese maatskaplike werker* is 'n erkende begrip (Fouché en Fouché 2015:105).<sup>1</sup> Die Nasionale Organisasie van Forensiese Maatskaplike Werk (2019) meld ook dat die maatskaplike werker se rol gedurende die egskeidingsproses die assessering van betrokke volwassenes en minderjarige partye insluit om daarna aanbevelings ten opsigte van die plasing en versorging van die kinders te maak. Hierdie assessering en evaluasie geskied ook in kontekste waar konflik en dispute tussen individue voorkom. Die mandaat van 'n forensiese maatskaplike werker binne 'n egskeidingssaak sal dus wees om die betrokke partye te assesseer

om 'n gepaste aanbeveling aan die hof te maak rakende die volwassenes se funksioneringstatus en watter versorgingsopsie in die beste belang van die kind(ers) sal wees.

Tans is daar weinig internasionale of plaaslike assessoringshulpmiddels wat die forensiese maatskaplike werker, wat met hierdie sake werk, kan help om met meer sekerheid die moontlike sosiale merkers wat hoëkonflikgskeidings kan identifiseer, uit te wys. Die vroeë waarneming en identifisering van sosiale merkers van hoëkonflikgskeidings kan die forensiese maatskaplike werker bemagtig om hoëkonflikgskeidings reeds met die aanvang van die assessorings te herken en daarvolgens aanbevelings wat in die beste belang van die kind(ers) sal wees aan die hof of wetlike gesag te maak. Voorkomende optrede en 'n intervensie wat spesifiek fokus op die hoë vlakke van konflik in 'n poging om die betrokke kind(ers) reeds met die aanvang van die egskeiding op 'n gepaste wyse teen die reeds bestaande hoë vlakke van konflik tussen die egpaar te beskerm, kan geskied.

Met inagneming van die bogenoemde is dit duidelik dat daar 'n leemte in die literatuur is oor hoë vlakke van konflik tussen ouers, waarby kinders betrokke is. Hierdie leemte maak dit moeilik vir nuwe en onervare forensiese maatskaplike werkers om voldoende kennis te bekom om individue binne 'n egskeidingsproses gekenmerk deur hoë konflik binne die Suid-Afrikaanse konteks te evalueer. Die navorsingstudie laat die navorsers met volgende navorsingsvraag: "Wat is die sosiale merkers van hoëkonflikgskeidings waarby kinders betrokke is?"

Die sosiale merkers wat in hierdie ondersoek geïdentifiseer is, kan die forensiese maatskaplike werker in staat stel om egskeidings te identifiseer waarin moontlike hoë konflik kan voorkom. Die forensiese maatskaplike werker kan dan aanbevelings maak ten opsigte van ingryping wat hierdie hoë vlakke van konflik vroegtydig aanspreek en behandel. Hierdie aanbeveling vir gepaste ingryping kan dus daarop fokus om die ouers te help om op die behoeftes van die kinders na 'n egskeiding te konsentreer, ouerlike kapasiteit te verhoog en 'n ouerlike vennootskap te bou.

Daarby kan die forensiese maatskaplike werker ook die hof van gepaste aanbevelings bedien, wat deur die literatuur gerugsteun word. Aanbevelings aan die hof kan bewyse vir die bevinding van 'n hoëkonflikgskeiding insluit. Die sosiale merkers wat dan geïdentifiseer is, kan vervolgens die betrokke kinders beskerm teen die nagevolge van hoë vlakke van konflik tussen ouers.

## 2. Navorsingsmetodologie

Die navorsers het probeer om deur middel van 'n literatuur- en empiriese studie sosiale merkers van hoëkonflikgskeidings waarby kinders betrokke is, te identifiseer.

### 2.1 Literatuuroorsig

Bless, Higson-Smith en Sithole (2013:20) asook Rubin en Babbie (2015:120) verduidelik dat 'n literatuuroorsig uitgevoer word om sodoende 'n kennisbasis van bestaande teorie en navorsing te ontwikkel deur die bestaande literatuur oor die spesifieke onderwerp te hersien. 'n Literatuuroorsig is gedoen om onderwerpe soos *sosiale merkers*, *egskeiding*, *hoë vlakke van konflik* en *kinders* te verfyn.

Die literatuuroorsig is aan die begin van die ondersoek gedoen om 'n omvattende begrip van die aard en betekenis van die navorsingsprobleem wat geïdentifiseer is te ontwikkel (Fouché en Delport 2011:134). Verdere mikpunte was om 'n teoretiese agtergrond vir die ondersoek te skep, kernbegrippe te kontekstualiseer en te verduidelik hoe die ondersoek tot die bestaande kennis oor die onderwerp kan bydra.

Die navorsers het gebruik gemaak van literatuur uit die biblioteekdienste van die Noordwes-Universiteit. Die navorsers het ook van talle databases van die betrokke instansie gebruik gemaak om vertroud te raak met reeds bestaande literatuur oor hierdie navorsingsonderwerp. Dit sluit in EbscoHost, ScienceDirect, SAePublications, Google Scholar en ProQuest. Wetenskaplike boeke en tydskrifte is ook geraadpleeg.

## ***2.2 Navorsingsbenadering en ontwerp***

Die navorsers het van 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering gebruik gemaak. 'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp word gebruik om vrae oor verskynsels te beantwoord, en dit word gebruik om die standpunte van die deelnemers te beskryf en te verstaan (Fouché, Strydom en Roestenburg (red.). 2021). Die buigsaamheid van 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering laat ruimte vir 'n verskeidenheid interpretasies en het ten doel om die verskynsel beter te verstaan (Rubin en Babbie 2015:46). Hierdie navorsingsbenadering het die navorsers gehelp om die sosiale merkers van hoëkonflikkegskeidings waarby kinders betrokke is, te identifiseer en die navorsers kon 'n diepgaande begrip van die verskynsel ontwikkel en ryk teoretiese waarneming genereer.

Met verdere inagneming van die doel van die studie, was die navorsingsontwerp beskrywend en verkennend van aard. Rubin en Babbie (2015:61) verduidelik dat navorsing met 'n beskrywende en verkennende aard ten doel het om situasies of gebeurtenisse deegliker te beskryf ten einde 'n dieper begrip te ontwikkel, en dat navorsing met 'n verkennende aard ten doel het om situasies of gebeurtenisse wat op 'n beperkte wyse nagevors is, te ondersoek en te verken. Ten spyte van verskeie moontlike teoretiese verduidelikings in die literatuur vir die ontstaan van hoëkonflikkegskeidings, ontbreek beskrywings van sosiale merkers rakende die verskynsel steeds. Die beskrywende en verkennende navorsingsontwerp het die navorsers in staat gestel om die beperkte inligting oor die verskynsel uit te brei tot 'n meer omvattende beskrywing.

## ***2.3 Identifisering van deelnemers***

Met inagneming van die doel van die ondersoek is daar gebruik gemaak van nie-waarskynlikheidsteekproefneming. Verder is daar gebruik gemaak van die sneeubal-steekproefneming sodat reeds geïdentifiseerde deelnemers kon help om verdere deelnemers op te spoor, aangesien 'n lys of sisteem om genoemde deelnemers vooraf te identifiseer, ontbreek het (Bless e.a. 2013:176; Rubin en Abbie 2015:223).

- Deelnemers moes maatskaplike werkers wees wat by die SACSSP (Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoep) geregistreer is en wat in privaat praktyk is, aangesien maatskaplike werkers wat in privaat praktyk werk spesifiek met hoëkonflikkegskeidings werk.

- Deelnemers moes 'n minimum van vyf jaar ondervinding as maatskaplike werker hê met spesifieke ondervinding in die veld van forensiese maatskaplike werk.
- Deelnemers moes Afrikaans en/of Engels magtig wees, aangesien die navorser hierdie tale magtig is.
- Deelnemers moes in die stad Kaapstad en die Kaapse Wynlanddistrik werksaam wees.

#### **2.4 Metode van data-insameling**

Onderhoude is die mees algemene tegniek om inligting in kwalitatiewe navorsing in te samel en daar is drie tipes onderhoude, naamlik gestructureerde, semi-gestructureerde en ongestructureerde onderhoude (Bless e.a.2013:195). In hierdie ondersoek het die navorsers gebruik gemaak van semi-gestructureerde onderhoude van aangesig tot aangesig. Die gebruik van die semi-gestructureerde onderhoud het die navorsers die geleentheid gegee om die verskynsel binne 'n voorafopgestelde struktuur in meer diepte en besonderhede te ondersoek deur alternatiewe rigtings in gesprekke te verken (Greeff 2011:353) en ook vir die deelnemers die geleentheid te gee om hul sienings vrylik en op hul eie voorwaardes uit te druk (Cohen en Crabtree 2006:2).

Ná die bestudering van literatuur oor die kenmerkende eienskappe van hoëkonfliksgeskiedings en die bestaande gapings in die kennis oor hierdie verskynsel, het die navorsers 'n stel vrae saamgestel wat by die onderhoudskedule ingesluit is. Verder is ingeslotte vraagstellings gebaseer op die generiese riglyne vir vraagstelling soos uiteengesit deur Rubin en Babbie (2015:158–61). Hierdie semi-gestructureerde onderhoudskedule is geëvalueer deur deskundiges van die Departement van Maatskaplike Werk by die Noordwes-Universiteit (NWU) wat kennis dra rakende die konstruksie van 'n onderhoudskedule en sake verwant aan forensiese maatskaplike werk. Die onderhoudskedule het uit die volgende vyf oop vraagstellings bestaan:

- Uit jou ervaring, wat veroorsaak die ontwikkeling van hoëkonflikvlakke gedurende egskeidings?
- Watter rol speel jou betrokke kliënte se persoonlikheid, emosionele funksionering en vermoë om die verlies van die huwelik te hanteer in die egskeidingsproses?
- Vertel my meer oor jou kliënte wat betrokke is by hoëkonfliksgeskiedings se bewustheid van die realiteit.
- Wat is die impak van beide partye se finansiële omstandighede op die egskeidingsproses?
- Tot watter mate speel die toegang tot en hantering van die kinders 'n rol in beide partye se persepsie van hoeveel mag hulle tot hul beskikking het?

Die navorsers het ook veldnotas geneem na afloop van die onderhoude. Greeff (2011:373) stel voor dat beskrywende veldnotas direk ná die afloop van die onderhoude deur die onderhoudvoerder gemaak word.

## 2.5 Metode van data-ontleding

Die navorsers het die getranskribeerde data tematies ontleed, wat behels het dat patronen in die data geïdentifiseer, ontleed en gerapporteer is (Braun en Clarke 2006:79). Die navorsers het die volgende stappe vir die ontleding van die data gevolg:

### 2.5.1 Ontwikkel deeglike kennis van datastel

Die data is deeglik bestudeer om grondige kennis van die datastel te ontwikkel aangesien Braun en Clarke (2006:87) aanbeveel dat die navorsers bekend raak met die data sodat hulle die omvang van die data kan ken.

### 2.5.2 Genereer aanvanklike kodes

Dié fase vereis die verkryging van aanvanklike kodes uit die data (Braun en Clarke 2006:87) en die navorsers het aanvanklike kodes gegenereer deur die data deeglik te bestudeer en kodes uit te lig.

### 2.5.3 Soek en identifiseer temas

Hierdie fase behels die organisering van die lys van kodes volgens verskillende temas (Braun en Clarke 2006:87) en die navorsers het met behulp van die kodes temas geïdentifiseer en georganiseer deur die kodes verder te bestudeer.

### 2.5.4 Hersien temas

Dié fase vereis die verfyning van die geïdentifiseerde temas (Braun en Clarke 2006:87) en hier het die navorsers die geïdentifiseerde temas verder bestudeer met die oog op die verfyning en afronding daarvan.

### 2.5.5 Definieer en benoem temas

Hierdie fase vereis die verdere verfyning en definiëring van temas (Braun en Clarke 2006:87) en hier het navorsers die geïdentifiseerde temas bestudeer en verder afgerond en verfyn.

### 2.5.6 Skryf die verslag

Dié fase vereis die finale ontleding van die temas en die aantekening daarvan in die finale weergawe (Braun en Clarke 2006:87). Die navorsers het die ingesamelde data deeglik bestudeer en die temas skriftelik uiteengesit en bespreek in die finale weergawe.

## 2.6 Geldigheid en betroubaarheid

Bless e.a. (2013:237) verduidelik dat die gehalte van 'n kwalitatiewe navorsingsprojek gemeet word aan die hand van vier aspekte, naamlik geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en bevestigbaarheid.

### 2.6.1 Geloofwaardigheid

Ten einde geloofwaardigheid te bewerkstellig, wat meebring dat die bevindinge in die ondersoek die waarheid van die realiteit wat ondersoek word bevestig (Bless e.a. 2013:237), het die navorsers:

- deeglike, omvattende en beskrywende veld- en verbatim notas saamgestel;
- teoreties-gebaseerde navorsingsmetodes gebruik;
- teoreties-gebaseerde data-insamelings- en interpreteringstegnieke gebruik;
- die akkuraatheid van deelnemers se antwoorde bepaal deur die gebruik van herhalende vraagstelling; en
- die geïnterpreteerde ingesamelde data aan die navorsers se studieleier oorhandig vir verdere verhoging van geloofwaardigheid.

### 2.6.2 Oordraagbaarheid

Ten einde oordraagbaarheid te verseker wat tot gevolg sal hê dat die navorsingsbevindinge op ander soortgelyke situasies van toepassing sal wees (Bless e.a. 2013:237), het die navorsers:

- die konteks van data-insameling deeglik beskryf;
- die navorsers as persone beskryf;
- die verhouding tussen die navorsers en deelnemers deeglik beskryf; en
- verdere insae en opinies van die navorsers se studieleier, en ander deskundiges verbonde aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus verkry.

### 2.6.3 Betroubaarheid

Ten einde die betroubaarheid van die resultate te verhoog om sodoende duplisering in ander kontekste te bewerkstellig (Bless e.a. 2013:237), het die navorsers 'n deeglike beplanning en 'n beskrywing van die navorsingstudie se metodologie en data-insamelings- en interpretasietegnieke en -metodes aangebied.

### 2.6.4 Bevestigbaarheid

Bevestigbaarheid behels dat ander navorsers ooreenstemmende bevindinge sal maak gedurende die uitvoering van dieselfde navorsingsproses in 'n soortgelyke konteks (Bless e.a. 2013:237), en dit is verhoog deur deeglike en objektiewe veldnotas te skryf, asook te verseker dat die navorsers se eie persepsies nie die interpreteringsproses van die data beïnvloed nie.

## 2.7 Etiese aspekte

Etiek dien as riglyne en standarde wat gestel word vir die navorsers om hul gedrag te evalueer (Strydom 2011:114–20). Die ondersoek is goedgekeur deur die NWU Health Research Ethics Committee (HREC) met klaringsnommer NWU-00931-19-A1. Die etiese standarde wat hierdie navorsing geleei het, word vervolgens bespreek.

Die deelnemers aan hierdie ondersoek het bestaan uit 11 maatskaplike werkers wat deskundiges is op die gebied van hoëkonflikskeidings waarby kinders betrokke is. Die navorsers

het die aard van die voorgestelde ondersoek deeglik aan die deelnemers verduidelik, asook skriftelike instemming tot deelname aan die ondersoek van elke deelnemer ontvang.

Die navorsers het die belangrikheid van vertroulikheid beklemtoon en die deelnemers verseker dat die navorsers die inligting soos deur hulle voorsien, vertroulik sou hanteer. Die privaatheid van die deelnemers is verseker deurdat die onderhoude in die privaatheid van die deelnemers se kantore gevoer is.

Ook het die navorsers alle data op 'n anonieme wyse weergegee ten einde die deelnemers se identiteit te beskerm. Die navorsers het elektroniese data in die vorm van stemopnames, transkripsies en geskrewe notas ingesamel. Hierdie elektroniese data is op 'n geheuestokkie en in 'n geheuewolk onder beskerming van 'n wagwoord geberg.

### **3. Resultate en bespreking**

Die hoofnavorser het deur middel van 'n literatuur- en empiriese studie sosiale merkers van hoëkonflikgskeidings waarby kinders betrokke is, geïdentifiseer. Semi-gestrukteerde onderhoude is met deelnemers, wat vrywillig daartoe ingestem het, gevoer. Dataversadiging is na die tiende onderhoud bereik en die hoofnavorser het besluit om nog een onderhoud te voer, om dataversadiging te bevestig. Geen nuwe inligting het na vore gekom tydens hierdie onderhoud nie en die navorser het na die elfde onderhoud opgehou.

#### ***3.1 Profiel van deelnemers***

Die deelnemers het bestaan uit 11 forensiese maatskaplike werkers in privaat praktyk en wat geregistreer is by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe (SACSSP). Die maatskaplike werker met die minste ervaring het 15 jaar ervaring gehad en die maatskaplike werkers met die meeste ervaring het 30 jaar ervaring gehad. Daar kon dus afgelei word dat die maatskaplike werkers almal ervare was op die gebied van hoëkonflikgskeidings waarby kinders betrokke is en dus kon bydra om die literatuur van hierdie veld uit te brei en te ondersteun. Die hoofnavorser het van aangesig tot aangesig semigestrukteerde onderhoude met die deelnemers gevoer, om inligting in te samel.

#### ***3.2 Temas vanuit die navorsing***

Drie temas is vanuit die data geïdentifiseer: intrapersoonlike faktore, interpersoonlike faktore en eksterne faktore. Die data uit die onderhoude bekom, sal met die literatuur vergelyk word. Elke tema het subtemas en word soos volg weergegee:

**Tabel 1. Temas en subtemas soos verkry vanuit onderhoude**

Temanommer	Tema	Subtema
1.	Intrapersoonlike faktore	1.1 Persoonlikheidsafwyking
		1.2 Emosionele intelligensie
		1.3 Ervaring van verlies
2.	Interpersoonlike faktore	2.1 Individuale geskiedenis en gesinservarings
		2.2 Gebrekkige interpersoonlike vaardighede
		2.3 Onvoldoende kennis oor egskeiding
		2.4 Gesinsgeweld, valse bewerings van kindermishandeling en middelmisbruik
3.	Eksterne invloede	3.1 Regstelsel
		3.2 Finansies
		3.3 Mede-ouerskapsuitdagings: toegang tot en hantering van kinders
		3.4 Bykomende persone

### 3.2.1 Tema 1: Intrapersoonlike faktore

Sommige van die sosiale merkers van hoëkonflikskeidings kan as intrapersoonlike faktore geïdentifiseer word. Intrapersoonlike faktore verwys na die sielkundige, kognitiewe en emosionele aspekte van 'n persoon asook sy oortuigings, houdings en lewenservaring (Cordova, Parra-Cardona, Blow e.a. 2013:246). Hierdie tema verken die deelnemers se ervaring, kennis en begrip van die rol van intrapersoonlike faktore binne die ontwikkeling van hoëkonflikskeidings en word in drie subtemas verdeel naamlik persoonlikheidsafwykings, emosionele intelligensie en ervaring van verlies.

#### 3.2.1.1 Subtema 1: Persoonlikheidsafwykings

Al die deelnemers het opgemerk dat hulle nie opgelei is om kliniese diagnoses ten opsigte van psigopatologie te maak nie, maar het tog genoem dat hulle wel tekens van psigopatologie by ouers waarneem wat 'n besliste merker is van hoëkonflikskeidings. Beteenisvolle reaksies in hierdie verband sluit in:

Ek sien [...] en ek kan nie diagnoseer nie.

Ek dink ons kan sê ons sien simptome.

Ons kan nie diagnoseer nie, maar ons sien simptome.

Dit is in ooreenstemming met die literatuur (Donner 2006; Eddy 2016; Levite en Cohen 2012; Mitcham-Smith en Henry 2007; Neff en Cooper 2004; Polak en Saini 2019) wat meld dat die eksterne destruktiewe gedrag van die individue betrokke by hoëkonflikskeidings oor die algemeen benoem kan word as die een of ander persoonlikheidsversteuring. Trouens, Elrod (2001:500) meld dat die teenwoordigheid van geestesgesondheidsversteurings 'n oorsaaklike

faktor vir hoëkonflikegskeidings kan wees en Neff en Cooper (2004:100) beweer op grond van bogenoemde studies dat persoonlikheidsversteurings 'n algemene verskynsel onder ouers is waar hoë konflik voorkom en moontlik een of beide ouers in tot 60% van sake affekteer.

Die literatuur (Amundson en Short 2018; Eddy 2016:26; Fisher 2012:1; Miller 2013:15; Polak en Saini 2019:122) meld dat veral grenslynpersoonlikheidsversteuring en narsissistiese persoonlikheidsversteuring bekende temas binne die konteks van hoëkonflikegskeidings is. Polak en Saini (2019:123) rapporteer ook dat verskeie navorsers 'n sterk verband tussen ouers betrokke by hoëkonflikegskeidings en die teenwoordigheid van geestesgesondheidsversteurings en onopgeloste emosionele kwessies aandui (Bonach 2005; Fisher, De Graaf en Kalmijn 2005; Neff en Cooper 2004; Rutter 2005). Mojtabai, Stuart, Hwang, Eaton, Sampson en Kessler (2017:1217) het ook bevind dat individue met algemene geestesgesondheidsversteurings (insluitende gemoedsversteurings) 'n groter risiko is vir huweliksontbinding. Alhoewel die deelnemers aan die navorsing nie in 'n posisie is om formele diagnoses van persoonlikheidsversteurings te maak nie, word hul opinies dat die betrokke persone se destruktiewe gedrag toegeskryf kan word aan persoonlikheidsversteurings deur die literatuur ondersteun.

### 3.2.1.2 Subtema 2: Emosionele intelligensie

Die meerderheid van die deelnemers het melding gemaak van die rol van emosionele intelligensie in hoëkonflikegskeidings.

Die deelnemers het gerapporteer dat individue wat dit uitdagend vind of 'n onvermoë toon om werklik van hul eie emosies bewus te wees en dit te verstaan, in konflik vasgevang kan word. Van die terugvoer sien soos volg daar uit:

If they are able to put it into their own bubble or space and say I am not necessarily saying that that person is to blame for it, but this is my stuff, I am angry, I am upset and I need to work on that. So that when I am with my child, I can put my child first. You know [...] a very mature emotionally intelligent parent. [...] as 'n persoon goed insig het oor hulself en hulle eie prosesse, dan werk dinge baie beter. As iemand beperkte insig het rondom hulle eie prosesse en emosies, maak hulle dit baie moeilik vir my [...] dit bring totaal en al 'n ander dinamika na die proses toe.

Vir die doel van hierdie ondersoek word die begrip *emosionele intelligensie* omvattend omskryf as verwante emosionele en sosiale vaardighede, vermoëns en aspekte wat bepaal hoe goed individue hulself verstaan en uitdruk, ander verstaan (vermoë tot empatie en simpatie) en met ander verbonde voel, asook hoe individue daagliks eise, uitdagings en druk hanteer (Furnham 2012:3). Alhoewel emosionele intelligensie tersaaklik is in enige verhouding en veral in 'n huwelik, het verskeie navorsers soos onder andere Eslami, Hasanzadeh en Jamshidi (2014), asook Lavalekar, Kulkarni en Jagtap (2010) bevind dat daar 'n positiewe verhouding tussen emosionele intelligensie en huwelikstevredenheid is. Die navorsers het ooreenstemmend met Foltyn (2018:3) bevind dat daar beperkte studies is wat inligting bied oor die rol van emosionele intelligensie gedurende egskeiding.

Die deelnemers was van mening dat, sou die ouer hul eie emosie korrek en eerlik kan identifiseer en erken en sodoende insig toon in hul eie emosionele status en prosesse, die vlakte van konflik minder aangevuur sal word. Thomas, Hamrick, Owens en Tekie (2019:68) meld

dat individue met hoë emosionele intelligensie hul eie emosies beter verstaan. Die deelnemers het tweedens spesifiek genoem dat individue se onvermoë om hul eie emosies te beheer, bydra tot konflik deurdat hulle emosioneel reaktief optree. Saini (2012:175) rapporteer dat hoë vlakke van konflik ontwikkel weens die ouers se disfunksionele hanteringsmeganismes. Cohen en Levite (2012:392) verduidelik dat die persone 'n gebrek het aan maniere om hul frustrasies, woede, haat, pyn of ambivalensie te hanteer; hulle kan nie die angstigheid wat gewek word, hanteer nie en probeer om dit op te los op wyses wat die konflik binne die egskeiding aanvuur.

'n Studie gedoen deur Thomas e.a. (2019:68) het bevind dat kognitiewe emosionele regulering beduidend met hoër emosionele intelligensie geassosieer is, wat weer gelei het tot intrapersoonlike groei by die individu. Hierdie resultate duï dus daarop dat emosionele intelligensie een meganisme is waardeur sekere kognitiewe emosionele regulasieprosesse, soos positiewe herfokussering en positiewe aanpasbare funksionering, gefasilitateer kan word. Indien een of beide individue egter vlakke van emosionele reaktiwiteit toon, verhoog dit die gesin se vyandige emosionele klimaat.

Anderson e.a. (2011:19) meld dat hierdie egspare hoogs emosioneel reaktief is en ook geneig is om mekaar te beswadder. Verder presenteert hierdie individue met lae vlakke van onderskeidingsvermoë, asook 'n onvermoë om verantwoordelikheid vir hul aandeel in die konflik te aanvaar. Cohen en Levite (2012:49) verduidelik verder dat hierdie egspare oor die algemeen nie in staat is om die kompleksiteit van die emosionele proses te beheer of te reguleer nie. Anderson e.a. (2011:19) meen dat hierdie onvermoë om emosies te reguleer tot gevoelens van antagonisme, vervreemding, hulpeloosheid en ook wraak kan lei.

Wanneer daar na die deelnemers aan hierdie ondersoek se terugvoer gekyk word, is dit duidelik dat individue se vlakke van emosionele intelligensie 'n rol speel in hul vermoë om die aanpassing van getroud na geskei vlotter te voltooi deurdat hulle insig toon oor hul eie emosionele reaksies en die gewese eggenoot se emosionele reaksies, asook om op empatiese wyses teenoor hul gewese eggenoot op te tree. Trouens, verskeie navorsers (Bricker 2005; Michelle 2005; Shujja, Akram, Holzapfel en Randall 2020:4) is van mening dat emosionele intelligensie die vermoë om aan te pas ná die egskeiding affekteer en verdere studies duï daarop dat emosionele intelligensie as buffer dien teen groot lewenstressors soos onderskeidings en as sodanig help met aanpassing.

### 3.2.1.3 Subtema 3: Ervaring van verlies

Uit die deelnemers aan hierdie ondersoek se reaksie het veral ontkenning, woede en die gebrek aan aanvaarding voorgekom. Verskeie deelnemers het melding gemaak van verskeie verliese wat ouers ervaar gedurende onderskeidings, naamlik verlies aan tyd saam met kinders, verlies aan beheer en inligting oor kinders se gebeure en mylpale, verlies aan die liefdesverhouding en gepaardgaande drome en status as egskeide, verlies aan finansies en verlies aan lewenswyses.

En baie dikwels is die persoon wat die hoë konflik het, huis die persoon wat so sukkeld met die verlies van [...] die huwelik, die huis, die finansies, die ondersteuning, bloot die status om getroud te wees.

Ek dink ook dis verlies aan beheer. Want skielik het ek nie meer beheer oor wat my kinders [...] as pappa gaan party in die aand kan ek nie vir hom sê hy mag nie vloek voor die kinders nie. Wie gaan dit beheer? Jy het beheer oor die huis verloor want dit is haar/sy huis. Daar is verlies aan inligting [...] vrou sê nie vir my van die rapporte nie.

Daar is 'n verlies aan status [...] Ek meen as dit 'n stay at home mommy was en nou moet sy begin werk. Dit gaan 'n uitdaging wees. Ek dink daar is baie verliese.

And he says my daughter is my life, it is my happy space and this woman has taken her away and I can't even get extra time. And I have lost that wonderful advantage of being a parent that sees my child in the morning and in the evening.

Die literatuur beaam dat ouers wat deur 'n egskeiding gaan veelvuldige verliese ervaar soos onder andere die hoop en verwagtinge ten opsigte van die toekoms (Cohen en Levite 2012:392), die afname in sosio-ekonomiese status en gemak, asook sekuriteit, en veranderinge in lewenstyle vir beide ouers en kinders (Ravitz 2011:205) asook die algemene verlaging van lewenstyl (Lowenstein 2005:165).

Bosch-Brits e.a. (2018:55) het in haar ondersoek bevind dat ouers die proses van egskeiding met die afsterwe van 'n geliefde vergelyk. Gastil (1996:14) het gevind dat die proses van egskeidingsherstel dieselfde of soortgelyke sielkundige komponente het as Kübler-Ross se vyf stadiums van hartseer. Kübler-Ross (1969) het 'n model bestaande uit vyf fases ontwikkel. Die vyf fases beskryf die emosies wat mense gedurende die ervaring van verlies deurloop. Hierdie fases bestaan uit ontkenning en isolasie, woede, onderhandeling, depressie en laastens aanvaarding (Kirst-Ashman 2017:347). Volgens die model deur Kübler-Ross word die laaste fase, synde aanvaarding, slegs bereik indien die vorige fases suksesvol deurgewerk word. Indien die persoon by een fase in die rouproses vassteek, stol die proses wat veronderstel is om op aanvaarding uit te loop. Die suksesvolle verwerking van elke fase is dus van kritieke belang vir die gesonde hantering van die verlies.

Sommige deelnemers het melding gemaak van ouers wat vasval binne die ontkenningsfase en 'n verwringing van hul eie realiteit en emosies ontwikkel. Die deelnemers het genoem dat hierdie ouers nie bewus is van die werklike status van hul omstandighede nie, of anders gestel, hul omstandighede ontken, en so tonnelvisie ontwikkel deur die aanneem van 'n wen-verloorkognisie.

Maar ek dink uit hulle eie is hulle te veel in die fight. Hulle verloor die realiteit. Want hulle is so in hulle boksie van seer [...] so hulle kan nie sien wat aangaan nie. En dit is makliker om te baklei as om te verloor. Solank as wat ek baklei, het ek nog nie verloor nie. [...] mag [...] verloor, as ek gaan toegee gaan ek verloor. Dit is makliker om seer te maak as om seer te kry. En dan het ek weer beheer.

Mens kan seker sê hulle is so gefokus waarop hulle self deurgaan. Hulle kan nie die hele prentjie sien nie. Ek dink hulle is maar net baie gefokus op hulle eie pyn en nie miskien die ander persoon se siening altyd insien nie.

Wel, mag. Mag in dit self is 'n dryfkrag. Dit gaan oor om te wen. Power-corrupt. Mag is baie addictive. Dit in self is 'n dryfkrag. Mense soek mag, hulle soek control. Hulle wil voel hulle het gewen. En miskien ook in die proses die ander ou te verneder. Ek kry die kind [jammer], so kry jy nou jou verdiende loon.

Cohen en Levite (2012:394) verduidelik dat egpare wat vasgevang word in dié ontkenningsiklus van oorlewing, fantasie en realiteit en die interne wêreld en eksterne wêreld verwarr. Demby (2016:458) verduidelik dat die ontkenning van die realiteit en so ook die belewenis van

die emosies, die verwerking van rougevoelens voorkom. Anderson e.a. (2011:08) verduidelik verder dat die natuurlike rouproses (wat die erkenning van liefde, respek, pyn en verlies behels) vervang word deur dualistiese denkwyses (swart of wit, alles of niks, goed of sleg) wat die ander individu swartsmeer en gefokus is op woede (wat deel is van die natuurlike proses van rou volgens Kübler-Ross se model) en haat. Dit lei tot 'n verdere verwringing van realiteit deurdat die individue verwrone en oordrewe negatiewe sienings van mekaar ontwikkel en nie anders kan as om in wantroue en vyandigheid teenoor mekaar op te tree nie (Demby 2016:458; Mitcham-Smith en Henry 2007:369). Om vasgevang te wees binne hierdie roufase kan tot konflik lei omdat (weens die ervaring van gevoelens van ontoereikendheid, skaamte en verwerping) die individue dikwels gedryf word om mekaar te verkleineer in 'n poging om hul eie selfbeeld te herstel (Ehrlich 2001:308).

Die deelnemers aan die ondersoek het ook melding gemaak van ouers wat vasval binne die woedefase. Die deelnemers is van mening dat gevoelens van vrees, angstigheid en seer weens verliese onderliggend is aan die ouers se aggressiewe en woede-gedrewe gedrag en dat die ouers 'n onvermoë toon om hul woede en angs te hanteer.

Veral in jou woedefase is baie hoë potensiaal vir konflik. En natuurlik ook in jou angs [...] angs wat baie keer presenteer as woede, maar onderliggend is daar maar angs wat ook baie konflik aanwakker.

Ek sê altyd daai twee loop saam; jy voel verwerp en jy is kwaad en jy wil iets terug doen aan daai een wat jou nou laat voel dat jy nie goed genoeg is nie. Dit is 'n meer aanvaarbare emosie [...] dit voel jy stel jouself baie minder bloot. So onderliggend aan woede is daar pyn.

Ouers wat vasval binne die woedefase se gedrag kan dan lei tot 'n verminderde bydrae tot probleemoplossing en dus verhoogde vlakke van konflik (Neff en Cooper 2004:10). Elrod (2001:500) is van mening dat hierdie ouers se onvermoë om hul woede verantwoordelik te bestuur, 'n oorsaaklike faktor in hoëkonflikegskeidings is. Die navorsers wil dit egter noem dat om kwaad te wees en die onvermoë om daardie woede te bestuur, nie dieselfde is nie. Met inagneming van die ontkenningsfase moet daar dus ook gekyk word na die moontlikheid dat die persoon nie noodwendig vasval nie, maar dat die individue gewoon nog in die woedefase is en nie die konflik effektief hanteer nie.

Elrod (2001:500) asook Saposnek en Rose (2004:03) beklemtoon dat seer, vrees, vernedering, verlies, onsekerheid, verlatenheid en magteloosheid die primêre dinamika is wat die hoë vlakke van woede en konflik dryf, maar dat die ouers selde bewus is dat dit vrees is wat hul aksies beheer. Stacer en Stemen (2000:246) verduidelik voorts dat hierdie oervrese lei tot die ontwikkeling van angstigheid, wat gevvolglik weer bydra tot verdere hoë vlakke van woede en konflik. Soos ook deur die deelnemers verduidelik, lei hierdie woede en die aggressie tot aanvalle wat persoon-gefokus is in plaas van saak-gefokus en aanstootlik en ongevraagd kan voorkom. Aggressie kan verbaal of fisiek voorkom met fisiese aggressie wat reaktief van aard is en 'n resultaat is van wedersydse oordrywing (Anderson e.a. 2011:17; Joyce 2016:644), asook in die vorm van agtervolging en teistering (Stacer en Stemen 2000:243). Weens 'n onbewustheid van die oorsprong van die betrokke partye se aggressiewe gedrag, ervaar elke eggenoot die ander een se woede as 'n werklike dreigement in plaas van 'n uitdrukking van onsekerheid, met die gevolg dat die voorkoms van beide fisiese en sielkundige aggressie by hierdie egpare hoog is.

Die deelnemers het daarop uitgebrei dat die gebrek aan aanvaarding van die ervaarde verliese en volgens hulle gevvolglik ook die gebrek aan vergifnis teenoor die ander ouer verder deel van 'n sosiale merker van hoëkonflikegskeidings vorm:

En die een het vergewe en die ander een het nie. En dis missien hoekom daai een elke keer hof toe gaan, want hy het nie [...] En dit maak ook aantygings soos dis mamma se skuld dat ons nie meer bymekaar is nie, dis pappa se skuld [...] Dis eintlik al twee se skuld.

Die literatuur verduidelik dat, sou ouers nie die verlies van hul huwelik aanvaar en daaroor treur nie, hul risiko vergroot om vas te val binne gevoelens van onopgeloste seer, wat dan gevvolglik tot bitterheid en woede lei (Demby 2016:458; Mahrer, O'Hara, Sandler en Wolchik 2018:326). Die gebrek aan aanvaarding en vergifnis lei tot ouers wat vanuit die oortuiging funksioneer dat sou hulle nie baklei nie, hulle die swak ouer sal wees wat die oorlog verloor en magteloos gelaat word. Gevolglik sal hierdie ouers kronies baklei en slegs ophou wanneer hulle "wen" of hul bates vir die "oorlog" op is. Visser e.a. (2017:3056) maak die gevoltrekking dat, om 'n effektiewe mede-ouerskapsverhouding te handhaaf, ouers die egskeidingsproses moet aanvaar en mekaar moet vergewe.

Laastens het sommige deelnemers verduidelik dat die ouers nie altyd in dieselfde roufase is nie, en dit lei ook tot konflik:

En dan natuurlik is die ma en die pa en die kinders almal op 'n verskillende fase van verliesverwerking wat maak dat hulle nie noodwendig eye to eye sien nie. Die verliese affekteer hul emosionele funksionering. Byvoorbeeld, as die ma nog in ontkenning is en die pa het al aanvaar [...] jy weet, daar is so groot gaping tussen hulle, hulle gaan nie mekaar kan sien nie.

Dit word beaam deur Saposnek en Rose (2004:1) wat verduidelik dat alhoewel die wetlike aspek van 'n egskeiding gesien word as 'n eenmalige gebeurtenis, die emosionele egskeiding ten beste beskryf kan word as 'n proses wat as minimum oor 'n aantal jare en as maksimum oor 'n leeftyd plaasvind.

Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, blyk dit duidelik dat die ouers se reaksies teenoor hul verliese 'n sosiale merker van hoëkonflikegskeidings kan wees deurdat hulle nog nie by die gewenste stadium, naamlik aanvaarding, uitgekom het nie. Die keuse om in die aggressiefase te bly en 'n wen-verloorhouding aan te neem met 'n gevolglike oorlogsbenadering, vorm deel van hul gedrag teenoor mekaar. Die rede hiervoor, en dit word ook deur Ehrlich (2001:308) ondersteun, is dat ouers neig om mekaar as vyande te sien en dat hulle gedrag toon wat hulle in beheer plaas en ook mag ten opsigte van die ander ouer en selfs die egskeiding bied.

### 3.2.2 Tema 2: Interpersoonlike faktore

Van die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings kan as interpersoonlike faktore benoem word. Interpersoonlike faktore verwys na persone se ouderdom, opleiding, houdings, gesondheid, lewensomstandighede en interaksie met ander (Sellars e.a. 2019:3). Hierdie tema verken die deelnemers se ervaring, kennis en begrip van die rol van interpersoonlike faktore binne die ontwikkeling van hoëkonflikegskeidings. Individuele geskiedenis en gesinservarings, gebrek-kige interpersoonlike vaardighede, onvoldoende kennis oor egskeiding, gesinsgeweld asook valse bewerings van kindermishandeling en substansmisbruik word as subtemas gelys.

### 3.2.2.1 Subtema 1: Individuale geskiedenis en familie-ervarings

Van die deelnemers het aangedui dat die persone betrokke by egskeidings se individuele geskiedenis en vroeë gesinservarings, met spesifieke verwysing na die persoon se eie gehegtheid aan 'n primêre versorger tydens kinderjare, 'n sosiale merker van hoëkonflikegskeidings kan wees.

Daar is mense met attachment-probleme. En baie keer is dit twee ouers met insecure attachments wat dan by mekaar uitkom. En as dit 'n disorganized attachment is, is dit nog moeiliker vir daai mense om 'n sinvolle verhouding te hê wat voorspelbaar en reciprocal is wat vir mekaar kan omgee wys.

Within a lot of cases it is their own childhood issues that come up [...] childhood problems which they project and so they fail to be able to put themselves in the children's shoes.

Anderson e.a. (2011:21) en Ehrlich (2001:308)werp lig op die deelnemers se menings wanneer verduidelik word dat elemente van persone se geskiedenis uit hul kinderjare soos die ervaring van trauma, mishandeling, verwaarlozing, verlies, skeiding en verwante ongeborgte gehegtheid belangrik is, aangesien hierdie vroeë ervarings van die kinderjare die individu se vermoë om binne intieme verhoudings vertroue te vestig, geborgte gehegtheid te vorm, en stres te bestuur, beïnvloed.

Hierdie ervarings lei daar toe dat individue nie die wêreld as 'n veilige plek sien nie. Gottman en Driver (2005:64) asook Saini (2012:175) verduidelik dat individue met só 'n siening dit meer uitdagend kan vind om die oorgangstydperk van getroud na geskei te hanteer; gevvolglik loop hulle 'n hoér risiko om vasgevang te word in siklusse van interaksies gekenmerk deur terugtrekking (hartseer, onttrekking, afgryste en vermyding van kommunikasie en samewerking) of kritiserendverdedigingsinteraksie (wat gevoelens insluit van kritiek, woede, minagtig, vyandigheid en selfregverdiging). Ander navorsers beaam die rol van gehegtheid binne die raamwerk van hoëkonflikegskeidings, soos onder andere Saini (2012:175) wat hierdie hoëkonflikgedrag as 'n gedisorganiseerde volwasse gehegtheidsreaksie beskryf en Smyth en Moloney (2017:409) wat aanvoer dat geïnternaliseerde ouerlike haat gesien kan word as 'n produk van diepgesetelde negatiewe gehegtheid aan die vorige eggenoot.

### 3.2.2.2 Subtema 2: Gebrekkige interpersoonlike vaardighede

Die meerderheid deelnemers het aangedui dat die tekort aan interpersoonlike vaardighede (vaardighede vir kommunikasie en interaksie met ander) by een of beide ouers gesien kan word as 'n sosiale merker van hoëkonflikegskeidings. Die deelnemers het gespesifiseer dat gebrekkige kommunikasievaardighede en/of die afwesigheid van kommunikasie tussen die ouers (wat dan oorspoel na gebrekkige probleemoplossing en konflikhantering) aanleiding gee tot die ontwikkeling, aanvuring of onderhouding van konflik:

Daar word nie gedink nie, daar word nie gesels nie, daar word nie gepraat daaroor [...] hoekom sê die kind dit, of het jy miskien so iets gedoen? En net so vinnig word dit soort van ge-accelerate tot die hoogste intervensie.

En miskien is miskommunikasie ook baie keer 'n rede vir konflik. Die man en vrou kan letterlik nie met mekaar praat nie, want wanneer hulle kommunikeer, is dit in elk geval letterlik chaos.

Die grootste probleem is, die ouers kom met posisies, met standpunte: Ek wil die kinders elke tweede week by my hê want ek mis hulle te veel as ek hulle te min sien. Ek kom klaar met die eis in. Mense het nie die vermoë om die probleem te formuleer nie. Mamma sê ek wil tienduisend rand 'n maand meer onderhoud hê. Dit is die eis wat sy stel. Sy het nie die vermoë om die probleem te formuleer en te sê weet jy die kinders het nou hoërskool toe gegaan, ek beleef dat die uitgawes en die inkomste nou nie meer balanseer nie, kan ons na die begroting kyk en net probeer om bekostigbaarheid hier te bewerkstellig. Hulle neem posisies in.

Cohen en Levite (2012:390) beaam dat ouers soms so kwaad is vir mekaar dat hulle 'n onvermoë toon om met mekaar oor selfs die eenvoudigste en nietigste aspekte te kommunikeer. Indien daar wel kommunikasie is, bevestig Cohen en Levite (2012:390) die deelnemers se sienings dat hierdie kommunikasie destruktief en skadelik van aard is deur te verduidelik dat kinder-oorhandigings tussen ouers gekenmerk word deur blamering, aantygings en mishandeling (van verbale mishandeling tot fisiese geweld) en interaksie word hoofsaaklik takties, aangesien elke individu probeer om die ander een se gedrag te blokkeer om sodoende vir hom-/haarself 'n voordeelige posisie in die oorlog te verseker. Treloar (2019:89) het in haar empiriese studie met 25 ouers wat betrokke was in hoëkonflikegskeidings gevind dat hul kommunikasie so oneffektief was dat die bereiking van konsensus onmoontlik was. Verder het die deelnemers aangedui dat wanneer ouers wel kommunikeer, hulle mekaar op posisionele en eisende wyses benader: In plaas daarvan om hul behoeftes te verbaliseer en te kommunikeer sodat die ander persoon insig kan ontwikkel in die ouer se onderliggende motiverings, waardes, dryfvere en behoeftes, maak hulle oppervlakkige stellings en/of maak hulle gebruik van beskermings-meganismes soos verdeling (die organisering van ervarings in kategorieë soos liefde teenoor haat), projeksie, ontkenning, rasionalisering (Mayer 2017:279), vermyding en ontrekking (Anderson e.a.2011:17; Mayer 2017:279). Hierdie gebrekkige maniere van kommunikasie en interaksie lei tot verdere aanvalle en 'n aggressiewe klimaat.

Verskeie deelnemers het genoem dat hierdie gebrekkige interpersoonlike vaardighede reeds voor die egskeiding in die huwelik teenwoordig was en dat die konflik wat in die egskeidings afspeel, slegs 'n voortsetting van konflik is wat reeds in die huwelik teenwoordig was:

Ek dink baie min mense is voorbereid op die werklikheid en realiteit van 'n egskeiding. Ek dink baie mense dink dit is die einde van 'n disfunksionele huwelik [...] en baie min mense is voorbereid dat dit eintlik 'n voortgesette disfunksionele post-divorce realiteit vir hulle is. Hulle skei om uit te kom uit die huwelik wat dan nou kwansuis traumatis en toksies is, maar die blote beëindiging van die huwelik beëindig nie die hoë konflik en toksisiteit nie.

Maar daar was klaar passiewe aggressie, daar was klaar aggressie, daar was klaar swak kommunikasie. Nou kan ons nie verwag 'n krisis soos 'n egskeiding moet skielik hierdie mense in uitstekende kommunikeerders met ruimhartigheid en vergewensgesindheid laat ontwikkel as dit nie deel van die verhouding in die huwelik was nie.

Elrod (2001:500) beaam die deelnemers se stellings deur te verduidelik dat dit 'n bydraende faktor by hoë vlakke van konflik is as die ouers se verhouding reeds voor die egskeiding

disfunksiioneel was. Dit wil voorkom of die konflik wat die interaksies domineer en die egaar se kommunikasie karakteriseer in die meeste onderwerpe en situasies (Anderson e.a.2011:16) nie 'n nuwe verskynsel vir die egaar is nie, maar dat hierdie egaar se wyse van kommunikasie gekenmerk word deur konflik-interaksiepatrone. Dit kom dus voor dat, soos Stacer en Stemen (2000:243) ook verduidelik, die ouers 'n onvermoë toon om weg te beweeg van die konflik en 'n nuwe lewe as enkellopende persoon te begin.

Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, blyk dit duidelik dat een of beide ouers se onvermoë om konstruktief te kommunikeer en in interaksie te tree met mekaar, voor of na die egskeiding, 'n sosiale merker van hoëkonflikegskeidings is.

### 3.2.2.3 Subtema 3: Onvoldoende kennis oor egskeiding

Die meerderheid deelnemers het melding daarvan gemaak dat onvoldoende kennis en begrip rakende egskeiding by een of beide ouers 'n sosiale merker van hoëkonflikegskeidings is. Die deelnemers is van mening dat die ouers nie kundig is oor wat "egskeiding" beteken nie. Hierdie onkunde oor die betekenis en verwante implikasies van egskeiding (soos byvoorbeeld onder ander nuwe rolderdeling, emosionele impak op betrokke partye, rol en impak van Howe en doel van mediasie) lei tot ouers wat, ongeag hul goeie bedoelings, gedrag toon wat destruktfief is. In plaas daarvan om hulself en ander betrokke partye dus te help om suksesvol deur hierdie aanpassingsperiode te beweeg, werk hulle konflik in die hand. Hul terugvoer kan soos volg opgesom word:

[...] om vir hulle inligting te gee [...] education te gee oor wat is die effek op die kinders, wat is die effek op die ander persoon [...] hoe gaan dit lyk as dit deur die Howe gaan eerder as met mediasie. Daar is bewyse daartoe dat die mense baie beter skik wanneer hulle net educated is [...] wanneer hulle kennis het van wat eintlik aan die gang is.

Die een is onkunde. Mense verstaan nie wat 'n egskeiding is nie. En hulle maak 'n klomp foute onnodig vanuit onkunde uit wat dan net die konflik verder aanwakker. Soos hulle gaan polisie toe of gaan kry 'n beskermingsbevel. Alles goed wat nie nodig was nie. En dan begin dit [...] dan begin hulle reageer opmekaar se konflik. Jy het dit aan my gedoen, so nou gaan ek weer [...] nou moet ek myself beskerm. Of as dit jou manier is hoe jy dit gaan hanteer, dan gaan ek aan boord moet kom.

Haddad e.a. (2016:244) en Henry e.a. (2011:463) is van mening dat die basiese opleidingsdienste soos opvoeding, ouerleiding, mediasie en egskeidingsberading alleen egter nie die gesinne se unieke behoeftes sal hanteer of hul eise op herlitigasie sal verminder nie en dus nie noodwendig voldoende is nie. Bacon en McKenzie (2004:97) het programuitkomste ten opsigte van na-egskeidingsouerskap geassesseer en hul bevindings bevestig dat eenvoudige ouerleidingsprogramme wat slegs fokus op die vermindering van konflik onvoldoende is en dat deeglicher en meer omvattende opleiding, met die insluiting van opleiding rakende samewerkende en ondersteunende ouerskap en vaardigheidsontwikkeling, benodig word.

Pedro-Carroll, Nakhnikian en Montes (2001:379) verduidelik dat hierdie oueropleidingsprogramme ouers op só 'n wyse kan lei dat sodanige negatiewe ouerlike gedrag vermy en kinders se veerkratigheid verhoog sal word. Smit (2009:201) voeg by dat die inhoud van die programme óf raadgewend en terapeuties van aard óf opvoedkundig van aard kan wees, waarin aspekte met betrekking tot kinders, mede-ouerskap,regs- en finansiële faktore bespreek kan word. Taylor (2005:77) rapporteer oor evalueringsnavorsing gedoen deur Arbuthnot en Gordon

(1996) wat opgemerk het dat ouers wat hierdie opleiding ontvang, se onkunde eerstens vervang is met nuttige en bruikbare ouerskaps- en kommunikasievaardighede, tweedens dat kinders se blootstelling aan ouerlike konflik verminder het, derdens dat ouers 'n groter verdraagsaamheid vir mekaar se ouerskapsrolle ontwikkel het en laastens dat positiewe veranderinge in kinders se welstand opgemerk is.

Treloar (2019:96) het in haar studie met 25 ouers wat betrokke was in hoëkonflikegskeidings bevind dat die beskikbaarheid van 'n mentor wat die ouers kon ondersteun, leiding kon bied binne die regsomgewing en ook inligting kon bied oor die emosionele en persoonlike gepaardgaande prosesse tydens 'n egskeiding by beide ouers en kinders, volgens die ouers van onskatbare waarde was. Bacon en McKenzie (2004:97) se navorsingsbevindinge meld ook dat hierdie ouers wat betrokke is in hoëkonflikegskeidings, baie kan baat by ouerleidingsprogramme deurdat dit hulle kan help in die afname van hul konflik en die toename in tevredenheid rakende toegangsbeheer en ondersteuningsprobleme.

### 3.2.2.4 Subtema 4: Gesinsgeweld, valse bewerings van kindermishandeling en middelmisbruik

Van die deelnemers het verwysings gemaak na mishandeling as 'n sosiale merker van hoëkonflikegskeidings, met spesifieke verwysing na gesinsgeweld, valse bewerings van kindermishandeling en middelmisbruik. Rakende gesinsgeweld is daar spesifiek genoem dat die beëindiging van die huwelik nie outomatis die interpersoonlike geweld wat binne die huwelik geskied het, ook beëindig nie, maar dat hierdie siklus van geweld voortduur en as meganisme dien vir die ontwikkeling van hoe vlakte van konflik gedurende die egskeiding:

Daar was ook in hulle verhouding baie sterk merkers van emotional abuse. In hulle huwelik het hy haar konsekwent afgekraak en afgeknou en dit is ook 'n faktor wat ek dink nou aangaan in die egskeiding. Sy is nou nie meer onder sy dak nie, maar hy kan haar nou nog steeds abuse deur elke moontlike voorstel wat sy op die tafel lê af te skiet [...] En nou is hulle nog steeds stuck. Hulle is nie meer saam nie, maar hulle kan glad nie aanbeweeg nie [...] nou is die verhouding verby, maar daai abuse-siklus gaan nog aan. Hy gebruik die egskeidingsproses om die abuse mee aan te hou.

Talle artikels bespreek die kwessie van gesinsgeweld tydens sake van hoëkonflikegskeidings (Amundson en Short 2018:533; Garber 2014:26; Haddad e.a.2016:248; Joyce 2016:647). Amundson en Lux (2016:13) voer aan dat daar by 25% tot 50% van hoëkonflikegskeidingsake bekommernis oor interpersoonlike geweld is. Rakende die maak van valse bewerings, rapporteer Elrod (2001:500) dat die teenwoordigheid van aantygings van gesinsgeweld of kindermishandeling en -verwaarlozing dien as 'n oorsaaklike faktor vir hoëkonflikegskeidings: "Of om dinge op te maak [...] sommer net bloot om te probeer wen. Jy weet daai vals bewerings", volgens een deelnemer aan hierdie ondersoek.

Ten spyte daarvan dat vele navorsers meld dat (waar of vals) bewerings van kindermishandeling in die konteks van hoëkonflik- kinderverwante dispute algemeen is (Johnston, Lee, Olesen en Walters 2005:283; Saini, Black, Lwin e.a. 2012), blyk literatuur oor hierdie onderwerp verbasend skaars te wees (Katz, Glucklich, Piller en Matty 2019:6; Smit, Antokolskaia en Bijleveld 2015:1373). Trocmé en Bala (2005) het wel 'n studie gedoen waar hulle 7 672 sake van kindermishandeling (fisiek, seksueel, emosioneel en verwaarlozing) ondersoek het. Hul bevindings is dat ongeveer een derde van die beskuldigings onbeslis was, en in slegs 4% van die sake was dit moontlik om vas te stel dat die beskuldigings vals was. Die navorsers het egter gevind dat

wanneer die sake ouerlike dispoot-omstandighede ingesluit het, die koers van vals bewerings toegeneem het tot 12% (Trocme en Bala 2005:1342). Rakende middelmisbruik is daar melding gemaak van die presentering van onredelike optrede as gevolg van middelmisbruik: “Middelmisbruik [...] ek praat nie van dagga nie. Ek praat van tik. Dit lei tot geweldige irrasionele denke en gedrag”, volgens een van die deelnemers aan die huidige ondersoek.

Dit blyk dat die gebruik van middels lei tot gedrag wat die vlakke van konflik binne die egskeiding verder verhoog. Dit is in ooreenstemming met Gilmour (2004:26) en Joyce (2016:644) wat verduidelik dat hoëkonflikegskeidings onder andere deur middelmisbruik kan voorkom en dat die middelmisbruik die hoëkonflikegskeiding kan vererger.

Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, blyk die kwessie van gesinsgeweld, valse bewerings van kindermishandeling en middelmisbruik ’n sosiale merker binne die konteks van hoëkonflikegskeidings te wees.

### 3.2.3 Tema 3: Eksterne faktore

Van die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings kan as eksterne faktore gekarakteriseer word. Dié tema verken die rol van eksterne faktore in die ontwikkeling van hoëkonflikegskeidings. Eksterne faktore verwys na invloede wat nie deel van die individu uitmaak nie, maar afkomstig is van die individu se omgewing en ander persone rondom die individu.

Die ouers is geneig om gesinshowe, prokureurs, die polisie, ander professionele persone en selfs hul eie kinders te trianguleer. Wat hierdie tema betref, het dit volgens die deelnemers na vore gekom dat die ouers wat betrokke is by hoëkonflikegskeidings die volgende eksterne faktore trianguleer: die regstelsel, finansies, kinders en bykomende persone betrokke by die hoëkonflikegskeiding. Hierdie tema bestaan uit vier subtemas, naamlik die regstelsel, finansies, mede-ouerskapsuitdagings wat insluit toegang tot en hantering van kinders, asook bykomende persone.

#### 3.2.3.1 Subtema 1: Regstelsel

Al die deelnemers het aangedui dat die regstelsel, met spesifieke verwysing na prokureurs en advokate, ’n beduidende rol in hoëkonflikegskeidings speel. Die deelnemers het dit duidelik gemaak dat daar wel prokureurs is wat vanuit ’n probleem-oplossingsoogpunt optree, maar dat diesulkes in die minderheid is:

Maar die realiteit hier is dat prokureurs baie keer ’n show off het teenoor mekaar. En litigasie in stand hou [...] En dit steeds gesetel is in ’n wen-verloor realiteit, en nie die beste belang van die kinders as die deurslaggewende faktor nie.

Hulle sal ’n brief skrywe aan die ander party wat hulle weet is nie heeltemal waar nie, of sal dit in baie sterk terminologie stel sodat die ander prokureur nou weer antwoord daarop [...] hulle hou die konflik daar so. En hulle sal ook baie keer vir die mense sê, moenie met jou man praat nie, of moenie met jou vrou praat nie [...] praat net deur my. Dan weerhou hulle eintlik die partye om dan nou op hul eie dinge uit te sorteer. Ek het onlangs kliënte gehad waar die man gesê het hy is seker as hy gaan sit saam met sy vrou sal hulle dit kan uitsorteer, maar sy prokureur het gesê hy mag nie [...]

But when you have lawyers going backwards and forwards and they are exacerbating the problems and pushing the play button all the time [...] then the conflict just escalates and escalates and escalates.

Cohen en Levite (2012:391), Joyce (2016:642) asook Painter (2016:04) meld dat sommige egspare gereeld betrokke is by herhalende, uitgerekte en vyandige litigasie rakende dispute oor kinderversorging. Polak en Saini (2019:127) verduidelik dat prokureurs, as amptenare van hierdie regstelsel, se procedures en praktyke die vyandige aard van die regstelsel verder aanvuur. Die bevindinge stem ook ooreen met dié van Neff en Cooper (2004:100) dat die vyandige aard van die Westerse hofstelsel konflik vererger. Kliënte nader prokureurs om hul probleme te help oplos, maar dié professie blyk by tye geblameer te word vir die bydrae tot konflik in plaas van die oplos van geskille. Volgens die deelnemers kry ouers foutiewe advies en aggressiewe benaderings word voorgestel, en die ouers word van geleenthede en vermoëns ontnem om met mekaar te kommunikeer.

Gilmour (2004:21) en Mitcham-Smith en Henry (2007:370) voeg by dat prokureurs ouers aanraai om ekstreme eise vir eie bedingingsvoordeel te maak, asook negatiewe mosies in te dien om sodoende die ander ouer in 'n negatiewe lig te stel. Kelly en Emery (2003:351) noem ook dat die regstelsel se vyandige prosesse posisionele en dualistiese denke dikteer en samewerking tussen die ouers verminder. Die deelnemers het saamgestem dat die prokureurs se gedrag die skeuring tussen die ouers vererger, kommunikasie voorkom en nie die ouers in staat stel om self hul probleme op te los nie.

Die deelnemers het meestal verwys na die prokureur as die aggressor en inisieerde van konflik en nie verwys na gevalle waar die ouers, en nie die prokureurs nie, die inisieerders van die konflik is. Ten spyte van die prokureur se advies om minder aanvallende strategieë te volg, sal die ouers die Howe gebruik om hul voormalige eggenoot te beheer, te straf (soos byvoorbeeld deur middel van interdikte en geen-kontak-hofbevele) en op 'n openbare wyse te veroordeel vir al hul verkeerde dade en om die voltooiing van die regsproses te inhibeer en die ander ouer te verhoed om na die huwelik aan te beweeg. Stacer en Stemen (2000:243) beaam dat dit dus nie ongehoord is dat een persoon gedurende die proses deur verskeie regsverteenvoordigers verteenwoordig word nie. Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, blyk dit dat die betrokkenheid van die regstelsel in 'n aanvallende en aggressiewe vorm as 'n sosiale merker van hoëkonflikekskeidings gesien kan word.

### 3.2.3.2 Subtema 2: Finansies

Al die deelnemers aan die ondersoek het aangedui dat finansies 'n groot bron van konflik is, met spesifieke melding van (1) ontevredenheid met finansiële ooreenkomste tussen ouers (spesifiek verwant aan kinderversorging) en die verskil in finansiële statusse, (2) die gebruik van finansies as 'n strategie vir eie behoeftebevrediging of om die ander persoon te beheer en/of te straf, en (3) hoe kostes ten opsigte van die egskeiding wat lei tot bedreiging van sekuriteit en emosionele verdraagsaamheid:

Ek dink finansies verteenwoordig 'n dieper behoefte by mense en dis hoekom dit so obvious so baie konflik veroorsaak soos altyd [...] finansies represent control vir mense. Dit is hoekom dit so finansieel raak. Want mense wil finansieel die oorhand hê, want dit gaan vir hulle oor ek wil die control hê, ek wil hierdie geveg wen. Dit raak 'n middel vir oorlewing vir die situasie.

Die onsekerheid wat dit bring. Die verskil dan in status post-egskeiding. Al die uitgawes [...] die konstante baklei oor onderhoud [...] as daar groot onderskeid tussen die vermoë om inkomste te genereer tussen die twee is. As een vir jare afhanklik was [...] een se inkomste en daai sekuriteit [...] daai afhanklikheid. Finansies is 'n enorme stressor en 'n enorme faktor in gesinne se vermoë om egskeiding te oorleef.

Mother would say well if you gave me more money, you would see your child more [...] or if you don't pay up by Friday the child will not go to you this weekend. This is a simple thing, but I think finances are huge. I think the misunderstandings and the miscommunication around finances.

Fisher e.a. (2005:03) asook Polak en Saini (2019:126) het bevind dat deurlopende kontak tussen die ouers weens ekonomiese bande 'n voorloper van potensiële hoë konflik kan wees. Neff en Cooper (2004:100) en Treloar (2018:345) is van mening dat daar 'n interafhanklikheid tussen finansies en kinderverwante kwessies is gedurende hoëkonflikegskeidings. Beide Bonach (2005:79) en Hutson (2007:1142) ondersteun die voorgenoemde navorsers deurdat vasstelling van die bedrag vir onderhoud vir kinders, asook bevrediging ten opsigte van finansiële ooreenkomste volgens hulle tot minder konflik in mede-ouerskapverhoudings aanleiding gee.

Die deelnemers het verder gemeld dat die finansiële implikasies van die egskeiding enorm kan wees, en die gevolglike druk weens die onophoudelike uitgawes nie positiewe vordering in die egskeidingsproses waarborg nie. Die literatuur (Anderson e.a. 2011:12; Bratberg en Tjotta 2008:457; Joyce 2016:644; Mitcham-Smith en Henry 2007:370) rapporteer dat 'n aansienlike deel van die familiehulpbronne gedurende die egskeidingsproses virregsuitgawes, kinderversorging en die herorganisering van bates gebruik word, met 'n aansienlike afname in lewenstandaard as gevolg.

Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, blyk dit duidelik dat finansies 'n sosiale merker van hoëkonflikegskeidings is in die sin dat finansies enersyds as 'n wapen in die egskeiding gebruik word en/of andersyds dien as 'n bron van konflik as gevolg van kinderverwante kwessies en/of die spanning weens vermindering van finansiële sekuriteit.

### 3.2.3.3 Subtema 3: Mede-ouerskapsuitdagings: toegang tot en hantering van kinders

Al die deelnemers het melding gemaak van die rol wat kinders in die ontwikkeling van hoëkonflikegskeidings speel.

Maar hulle kan aktief ingetrek word in die konflik. Dit is 'n lekker maklike manier om die ander persoon kwaad te maak [...] is om te sê die kinders wil nie na jou toe kom nie, hulle geniet dit nie by jou nie [...] hulle hou nie van jou nie [...] hulle hou nie van die nuwe girlfriend of boyfriend nie [...] hulle dink die huis is kleiner as myne [...] so hulle wil liewers by my wees.

Of hulle parenting style verskil. Hulle dissipliningstyle verskil. Byvoorbeeld, die een ma was baie bekommern want die pa is bietjie minder streng as wat sy is. Hy kan hulle miskien rondry sonder dat hulle vasgegespe is. Wat ook verdere aanleiding tot konflik gee, is verskillende ouerskapstyle, verskillende waardes, verskillende reëls, verskille na huis-houdings. En hulle stem nie altyd saam wat die ander doen en hoe die ander doen nie.

Anderson e.a. (2011:12), Cashmore en Parkinson (2011:187), Levite en Cohen (2012:46) asook Lebow en Rekart (2007:79) voer aan dat hoëkonflikgevalle gekenmerk word deur kwessies rakende toegang tot en kontak met kinders, kinderversorging en metodes van ouerskap. In ooreenstemming met die deelnemers se aanduiding dat een of beide van die ouers geneig is om die kinders as 'n bedingingsinstrument te gebruik, noem Cohen en Levite (2012:391) asook Lebow en Rekart (2007:79) dat kinders as pionne gebruik word en in koalisies betrek word en gevvolglik betrokke raak by hierdie komplekse dispute. Die kind word onder andere oor die ander ouer uitgevra, as boodskapper gebruik, en blootgestel aan negatiewe konflik tussen die ouers en ontoepaslike inligting oor die ouerlike dispoot, óf vir die ouer se eie behoeftebevrediging óf om die ander ouer skade te berokken.

Stacer en Stemen (2000:245) maak die gevolgtrekking dat hierdie ouers dikwels slegs toegang tot die kind wil hê as 'n vorm van beheer in plaas van 'n werklike poging om 'n hegte verhouding met die kind te ontwikkel. Die deelnemers het ook genoem dat verskillende sienings en wyses van ouerskap en huishoudelike reëls rakende die kinders tot hoë vlakke van konflik lei. 'n Studie wat deur Cashmore en Parkinson (2011:191) met 80 ouers (45 families) gedoen is, rapporteer dat sowel residensiële as nie-residensiële ouers genoem het dat verskille in ouerskapstyle – met uitbreiding na verskille in gesondheidsorg, skool, disciplinering en toleransie vir riskante of meer avontuurlustige gedrag – 'n sentrale tema in hul dispoot was.

Die deelnemers het eweneens aangedui dat 'n hoë vlak van wantroue tussen ouers bestaan rakende hul vermoë om die kinders te versorg. Verskeie navorsers (Amundson en Lux 2016:11; Anderson e.a. 2011:19; Gilmour 2004:17) verduidelik dat daar ook 'n diepgaande wantroue ontstaan oor die ander ouer se vermoë om die kind behoorlik te versorg. Cashmore en Parkinson (2011:191) het in hul studie bevind dat slegs 'n paar ouers, en dan ook net indien hulle direk gevra is, bereid was om te sê dat die ander ouer 'n goeie ouer is wat lief vir die kinders is. Die deelnemers het uitgebrei dat hierdie wantroue lei tot aanvallende en/of verdedigende gedrag wat gevvolglik, soos verduidelik deur Sapsnek en Rose (2004:09), vererger tot dit 'n skeiding tussen die twee partye raak wat hulle nie kan oorbrug nie.

Twee deelnemers het melding gemaak van ouers wat probeer om die kinders van die ander ouer te vervreem. Ouerlike vervreemdingsindroom kan gedefinieer word as die situasie waar die een ouer die ander ouer beswaddeur deur waar of vals klagtes van mishandeling, verwaarloosing of oortreding (Anderson e.a. 2011:20; Strasheim 2008:243) in 'n poging om die kind van die ander ouer te vervreem of dit te vermy om die kind met die ander ouer te deel. Die deelnemers het aangedui dat pogings om die kinders se verhouding met die ander ouer negatief te affekteer, tot hoë vlakke van konflik lei: "[...] vervreem teen die ander persoon [...] aktief te probeer vervreem sodat die persoon nie na die ander persoon wil gaan nie [...] en op daai manier die ander persoon te straf".

Die deelnemers se vermelding hiervan is in ooreenstemming met Garber (2014:25) wat noem dat kinders getrianguleer word in hul ouers se konflik deur mekanismes soos ouerlike vervreemding, ouerlike verwydering en/of ouerlike verstrikking. Anderson e.a. (2011:20), Mitcham-Smith en Henry (2007:369) asook Strasheim (2008:244) verduidelik dat hierdie aktiewe pogings van vervreemding deur die ouers onder andere kan insluit om die geteikende ouer as gevaarlik uit te beeld, om die kind toe te laat om keuses te maak oor kuiertye, om die geteikende ouer voor die kind te kritiseer, die kuiertye tussen die kind en die ander ouer te onderbreek of selfs te termineer, die kind aan te moedig om ná kuiertye negatiewe gedrag of gebeurtenisse te noem, hindernisse te ontwikkel vir telefoonkontak of geskeduleerde kuiertye en/of om aantygings te maak.

Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, blyk dit duidelik dat medeouerskapsverhoudings en toegang tot en beheer oor kinders 'n sosiale merker van hoëkonflik-egskeidings is, deurdat kinders as pionne gebruik word, ouerskapstyle en huishoudings verskil-lend is, en daar 'n gebrek aan vertroue en kommunikasie tussen die ouers is.

### 3.2.3.4 Subtema 4: Bykomende persone

Die meerderheid deelnemers het aangedui dat ondanks die ondersteunende rol wat bykomende persone kan vertolk, hulle ook tot die hoë vlakke van konflik kan bydra. Die deelnemers het die bykomende persone geïdentifiseer as eksterne familielede, professionele persone en nuwe romantiese verhoudings:

O genugtig! Oupas en oumas kan 'n verskriklike ondersteunende faktor wees. Óf hulle kan 'n egskeiding se verloop en proses in totaliteit kelder [...] óf tot kompleksiteite [lei] wat dit selfs nog moeiliker maak vir kinders.

Maar daar is ander rolspelers wat betrokke raak [...] wat dan slegte raad gee vir mense. Ek het dikwels al gekom dat die persoon kom en sê dat die sielkundige sê kinders van vyf is nog nie reg om oor te slaap nie, so sy sal eenvoudig dan nie [...] dis nonsens. Dan sit hulle met daai tipe van agtergrond en iemand wat vir hulle raad gee buite die konteks.

[...] as daar 3de partye kom [...] dan raak die proses ingewikkeld. So as mamma weer iemand ontmoet [...]

Dit is in ooreenstemming met Ehrlich (2001:309) en Saposnek en Rose (2004:05) wat verduidelik dat persone wat dien as 'n ondersteuningsisteem (soos vriende, familielede en professionele persone) dadelik die ouers se kant kies en probeer help nadat hulle slegs daardie persoon se kant van die storie op 'n vinnige en verwronge wyse aangehoor het. Stacer en Stemen (2000:243) noem dat uitgebreide familielede, soos ouers, grootouers, sibbe en ander naasbestaandes, ook 'n groot rol in die ouers se konflik speel. 'n Studie gedoen deur Green, Burnette en Davis (2008:407) stel voor dat derde partye soos vriende en familie oor die algemeen minder bereid is om te vergewe as eerste partye, in hierdie geval die biologiese ouers wat betrokke is by die egskeiding. Die deelnemers se sienings dat professionele persone soos onder andere terapeute, deskundiges en sielkundiges 'n destruktiewe bydrae tot die hoë vlakke van konflik kan maak deur oneffektiewe en insiglose raad, leiding en ondersteuning te bied, word ook beaam deur Gilmour (2004:21) en Stacer en Stemen (2002:244) wat meld dat, behalwe vir gemeenskapslede soos onderwysers, kerklidmate en ander vriende, prokureurs en geestesgesondheidspersone ook ywerig in die gevegte betrokke kan raak.

Smyth en Moloney (2017:408) maak die gevolg trekking dat hierdie betrokkenheid van by-komende persone as 'n meganisme kan dien om die swartsmeer van die teenparty en vervreemding tussen ouers en kinders verder aan te wakker. Die deelnemers het aangedui dat die romantiese betrokkenheid van 'n derde persoon by die biologiese ouer lei tot verdere komplisering en konflik. Stacer en Stemen (2000:43) rapporteer ook dat die byvoeging van 'n "betekenisvolle ander" wat in 'n ondersteuningsrol optree, reeds sensitiewe sake vererger of soms ook 'n primêre rol in die deurlopende konflik vertolk.

Ouers betrokke by hoëkonflik-egskeidings kan gebruik maak van triangulasie met die doel om die angs te verlig deur 'n derde persoon (of anders genoem 'n eksterne faktor) te betrek deur te kla by die persoon, te skinder of raad te vra. Om sulke tipe ondersteuningstelsels te betrek is

op sigself nie skadelik nie, maar triangulasie raak disfunksioneel wanneer dit die primêre strategie raak om konflik te hanteer, aangesien dit nie die konflik oplos nie, maar dit slegs aanvuur (Anderson e.a. 2011:20).

Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, blyk dit duidelik dat ander partye, oftewel bykomende persone by een of beide van die ouers, 'n sosiale merker van hoëkonflik-egskeidings is deurdat hierdie persone eensydig (sonder volledige begrip van die ouer se behoeftes, die ander persoon se posisie of die egaar se gesinsdinamika) betrokke raak by die egskeidingskonflik en dienooreenkomstig rigiede en kompromielose posisies aanmoedig, verwronge sienings van die ander ouer versterk, aanbevelings skryf, en selfs getuig namens hul volwasse kliënt.


#### 4. Gevolgtrekking

Forensiese maatskaplike werk word as 'n spesialiteitsveld beskou, waar die maatskaplike werker met wetgewing as onderbou individue sistematies evalueer en daaroor in die hof as deskundige getuig. Aangesien forensiese maatskaplike werk 'n relatiewe nuwe veld in Suid-Afrika is, is literatuur oor sekere kwessies skaars. Gedurende die hofproses van 'n egskeiding word daar soms van die forensiese maatskaplike werker verwag om die ouerpaar te assesseer om aanbevelings oor minderjarige betrokkenes te maak, in gevalle waar die egskeiding met hoë konflik gepaard gaan. Tans is daar weinig internasionale of plaaslike literatuur oor die potensiële tekens van hoëkonflik-egskeidings, oftewel sosiale merkers. Hierdie navorsing dra dus by tot noodsaaklike literatuur wat as hulpmiddel deur forensiese maatskaplike werkers gebruik kan word, om gevolgtrekkings en aanbevelings tydens die hofproses te ondersteun.

Tydens die ondersoek is sosiale merkers wat kan bydra tot hoëkonflik-egskeidings geïdentifiseer. Die sosiale merkers is in drie groepe verdeel, naamlik intrapersoonlike faktore, interpersoonlike faktore en eksterne faktore. Die navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat die sosiale merkers op meer as een vlak van die ouers se funksionering teenwoordig is en dat die onderbou van hierdie ouers se gedrag nie oorvereenvoudig kan word nie.

Die navorsing duï daarop dat sommige ouers se reaksies teenoor hul verliese 'n sosiale merker van hoëkonflik-egskeidings kan wees deurdat hulle nog nie by die gewenste stadium, naamlik aanvaarding, uitgekom het nie. Die onbewustelike keuse om in die aggressie-fase te bly en 'n wen-verloor-houding aan te neem, met 'n gevolglike oorlogsbenadering, vorm deel van hul gedrag teenoor mekaar. Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, blyk die kwessie van gesinsgeweld en valse bewerings van kindermishandeling en middelmisbruik ook 'n sosiale merker binne die konteks van hoëkonflik-egskeidings te wees.

Die gevolgtrekking is ook gemaak dat ander partye, oftewel bykomende persone by een of beide van die ouers, 'n sosiale merker van hoëkonflik-egskeidings is deurdat hierdie persone eensydig (sonder volledige begrip van die ouer se behoeftes, die ander persoon se posisie of die egaar se gesinsdinamika) betrokke raak by die egskeidingskonflik en dienooreenkomstig rigiede en kompromielose posisies aanmoedig, verwronge sienings van die ander ouer versterk, aanbevelings skryf, en selfs getuig namens hul volwasse kliënt. Die volgende grafiese voorstelling is 'n opsomming van die sosiale merkers wat in hierdie studie geïdentifiseer is.



**Figuur 1. Grafiese voorstelling van die sosiale merkers van hoëkonflikskeidings waarby kinders betrokke is**

## Bibliografie

- Amundson, J.K. en G.M. Lux. 2016. Risk management in high-conflict divorce/parenting referrals: it's how you walk through the fire. *Canadian Journal of Counselling and Psychotherapy*, 50(3):20–2.
- Amundson, J.K. en J. Short. 2018. Risk regulation in high-conflict parenting. *Journal of Divorce and Remarriage*, 59(6):528–37.
- Anderson, S.R., S.A. Anderson, K.L. Palmer, M.S. Mutchler en L.K. Baker. 2011. Defining high conflict. *The American Journal of Family Therapy*, 39(1):11–27.
- Arbuthnot, J. en D. Gordon. 1996. Does mandatory divorce education for parents work? A six-month outcome evaluation. *Family and Conciliation Courts Review*, 34(1):60–81.
- Bacon, B.L. en B. Mckenzie. 2004. Parent education after separation/divorce: impact of the level of parental conflict on outcomes. *Family Court Review*, 42(1):85–98.
- Baker, A.J.L. en S.R Sauber (reds.). 2013. *Working with alienated children and families: a clinical guidebook*. New York, NY: Routledge Press.
- Barnwell, B.J. en M.H. Stone. 2016. Treating high conflict divorce. *Universal Journal of Psychology*, 4(2):109–15.

Bekker, J.C., G.J. van Zyl, E. Wakeford en J.M.T. Labuschagne. 2004. Legal remedies available to an aggrieved parent: observations on the parental alienation syndrome in custody and access litigation. *Child Abuse Research in South Africa*, 5(1):26–33.

Bernet, W. 2015. Children of high-conflict divorce face many challenges. *Psychiatric Times*, 32(10):9.

Bless, C., C. Higson-Smith en S.L. Sithole. 2013. *Fundamentals of social research methods: an African perspective*. 5de uitgawe. Kaapstad: Juta.

Bonach, K. 2005. Factors contributing to quality co-parenting: implications for family policy. *Journal of Divorce and Remarriage*, 43(3/4):79–103.

Bosch-Brits, E., C. Wessels en A. Roux. 2018. Fathers' experience and perceptions of parent alienation in high-conflict divorce. *Social Work*, 54(1):91–110.

Bratberg, E. en S. Tjotta. 2008. Income effects of divorce in families with dependent children. *Journal of Population Economics*, 21(2):439–61.

Bricker, D. 2005. The link between marital satisfaction and emotional intelligence. MA-verhandeling, Universiteit Johannesburg.

Cambridge Dictionary. <https://dictionary.cambridge.org/dictionary/english/indicator> (16 Junie 2019 geraadpleeg).

Cashmore, J. en P. Parkinson. 2011. Reasons for disputes in high-conflict families. *Journal of Family Studies*, 17(3):186–203.

Chauke, N.P. en S. Smith. 2021. A Tsonga community's leadership perspective of disclosure in child sexual abuse. *South African Professional Society on the Abuse of Children*, 22(1):1–12.

Christopher, C., S. Wolchik, J.Y. Tein, C. Carr, N.E. Mahrer en I. Sandler. 2017. Long-term effects of a parenting preventive intervention on young adults' painful feelings about divorce. *Journal of Family Psychology*, 31(7):799–809.

Cohen, D. en B. Crabtree. 2006. Semi-structured interviews. Qualitative research guidelines project, 2. <http://www.qualres.org/HomeSemi-3629.html> (9 September 2020 geraadpleeg).

Cohen, O. en Z. Levite. 2012. High-conflict divorced couples: combining systemic and psychodynamic perspectives. *Journal of Family Therapy*, 34(4):387–402.

Combrinck, C. 2014. Experiences of professionals in drafting and implementing parenting plans in high-conflict separation and divorce matters in South Africa. Doktorale proefschrift, UNISA.

Cordova, D., R. Parra-Cardona, A. Blow, D.J. Johnson, G. Prado en H.E. Fitzgerald. 2013. The role of intrapersonal factors on alcohol and drug use among Latinos with physical disabilities. *Journal of Social Work Practice in the Addictions*, 13(3):244–68.

Davidson, R.D., K.L. O'Hara en C.J. Beck. 2014. Psychological and biological processes in children associated with high conflict parental divorce. *Juvenile and Family Court Journal*, 65(1):29–44.

Demby, S.L. 2016. Parenting coordination: applying clinical thinking to the management and resolution of post-divorce conflict. *Journal of Clinical Psychology*, 72(5):458–68.

De Vos, A.S., C.S. Delport, C.B. Fouché en H. Strydom (red.). 2011. *Research at grass roots: for the social sciences and human service professionals*. Pretoria: Van Schaik.

Di Fabio, A. (red.). 2012. *Emotional intelligence: new perspectives and applications*. Rijeka: In Tech.

Donner, M.B. 2006. Tearing the child apart: the contribution of narcissism, envy, and perverse modes of thought to child custody wars. *Psychoanalytic Psychology*, 23(3):542–53.

Eddy, B. 2016. *High conflict people in legal disputes*. Scottsdale, Arizona: Unhooked Books.

Ehrlich, J. 2001. Losing perspective: a danger in working with high-conflict divorces. *American Journal of Family Law*, 15(4):307–10.

Elrod, L.D. 2001. Reforming the system to protect children in high-conflict custody cases. *William Mitchell Law Review*, 28(2):496–551.

Eslami, A.A., A. Hasanzadeh en F. Jamshidi. 2014. The relationship between emotional intelligence, health and marital satisfaction: a comparative study. *Journal of Education and Health Promotion*, 3(24):36–41.

Faye, A., G. Kalra, A. Subramanyam, H. Shah, R. Kamath en A. Pakhare. 2013. Study of marital adjustment, mechanisms of coping and psychopathology in couples seeking divorce in India. *Sexual and Relationship Therapy*, 28(3):257–69.

Fisher, P. 2012. Identifying and managing difficult, high-conflict personality clients. *Probate and Property*, 26(1):56–62.

Fisher, T.F., P.M. de Graaf en M. Kalmijn. 2005. Friendly and antagonistic contact between former spouses after divorce: patterns and determinants. *Journal of Family Issues*, 26(8):1131–63.

Foltyn, P. 2018. Emotional intelligence in divorced couples and unmarried couples in disagreement about child custody. PhD-proefschrift, Universiteit van New York, Praag.

Fouché, A. en D.F. Fouché. 2015. Requirements for evidence by a forensic social worker as set by the Supreme Court of Appeal. *Child Abuse Research in South Africa*, 16(2):105–15.

Fouché, C.B. 2021. Introduction to the research process. In Fouché e.a. (red.). 2021.

Fouché, C.B. en C.S.L. Delport. 2011. Introduction to the research process. In De Vos e.a. (red.). 2011.

Fouché, C.B., H. Strydom en W.J.H. Roestenburg (red.). 2021. *Research at grass roots: for the social sciences and human service professionals*. Pretoria: Van Schaik.

Furnham, A. 2012. Emotional intelligence. In Di Fabio (red.). 2012.

Garber, B.D. 2014. The chameleon child: children as actors in the high-conflict divorce drama. *Journal of Child Custody*, 11(1):25–40.

Gastil, R.W. 1996. The process of divorce recovery: a review of the research. PhD-proefschrift, Biola Universiteit.

Ghoreishi, F., D. Shirmohammadi en A. Barjvand. 2014. Understanding causes of divorce from the viewpoints of the divorced and divorcing couples (the case of Saghez City). *Security and Social Order Strategic Studies*, 7(1):4–7.

Gilmour, G.A. 2004. *High-conflict separation and divorce: options for consideration*. (2004-FCY-1E). Government of Canada: Department of Justice.

Gottman, J.M. en J.L. Driver. 2005. Dysfunctional marital conflict and everyday marital interaction. *Journal of Divorce and Remarriage*, 43(3/4):63–77.

Greeff, M. 2011. Information collection: interviewing. In De Vos e.a. (red.). 2011.

Green, J.D., J.L. Burnette en J.L. Davis. 2008. Third-party forgiveness: (not) forgiving your close other's betrayer. *Personality and Social Psychology Bulletin*, 34(3):407–18.

Haddad, L., K.D. Phillips en M.J. Bone. 2016. High-conflict divorce: a review of the literature. *American Journal of Family Law*, 29(4):243–58.

Henry, W.J., L. Fieldstone, M. Thompson en K. Trehearne. 2011. Parenting co-ordination as an antidote for high-conflict divorce and court relitigation. *Journal of Divorce and Remarriage*, 52(7):455–71.

Hutson, R.A. 2007. Child support and parental conflict in low-income families. *Children and Youth Services Review*, 29(9):1142–57.

Jacobs, N. en R. Jaffe. 2010. Investigating the efficacy of CoMeT, a new mediation model for high-conflict separating parents. *American Journal of Family Therapy*, 38(1):16–31.

Johnston, J.R., S. Lee, N.W. Olesen en M.G. Walters. 2005. Allegations and substantiations of abuse in custody-disputing families. *Family Court Review*, 43(2):283–94.

Joyce, A.N. 2016. High-conflict divorce: a form of child neglect. *Family Court Review*, 54(4):642–56.

Katz, C., T. Glucklich, S. Piller en D.E. Matty. 2019. Between chaos and danger: spotlighting social workers' views in cases of child maltreatment accusations in the context of high-intensity parental disputes. *Children and Youth Services Review*, 107:1–7.

Kelly, J.B. en R.E. Emery. 2003. Children's adjustment following divorce: risk and resilience perspectives. *Family Relations*, 52(4):352–62.

Kirst-Ashman, K.K. 2017. *Introduction to social work and social welfare: critical thinking perspectives*. 5de uitgawe. Whitewater: Cengage Learning.

Kübler-Ross, E. 1969. *On death and dying*. New York, NY: Touchstone.

Kulik, L. en E. Heine-Cohen. 2011. Coping resources, perceived stress, and adjustment to divorce among Israeli women: assessing effects. *Journal of Social Psychology*, 151(1):5–30.

Lauroba, E. 2014. The effects of divorce on children. *International Journal of Legal Information*, 42(1):55–66.

Lavalekar, A., P. Kulkarni en J. Jagtap. 2010. Emotional intelligence and marital satisfaction. *Journal of Psychological Research*, 5(2):185–94.

Lebow, J. en K.N. Rekart. 2007. Integrative family therapy for high-conflict divorce with disputes over child custody and visitation. *Family Process*, 46(1):79–91.

Levite, Z. en O. Cohen. 2012. The tango of loving hate: couple dynamics in high-conflict divorce. *Clinical Social Work Journal*, 40(1):46–55.

Lowenstein, L.F. 2005. Causes and associated features of divorce as seen by recent research. *Journal of Divorce and Remarriage*, 42(3/4):153–71.

Mahrer, N.E., K.L. O'Hara, I.N. Sandler en S.A. Wolchik. 2018. Does shared parenting help or hurt children in high-conflict divorced families? *Journal of Divorce and Remarriage*, 59(4):324–47.

Malcore, S.A., J. Windell, M. Seyuin en E. Hill. 2010. Predictors of continued conflict after divorce or separation: evidence from a high-conflict group treatment program predictor of continued conflict after divorce or separation. *Journal of Divorce and Remarriage*, 51(1):50–64.

Mayer, J.D. 2017. *Personality: a systems approach*. Lanham, Maryland: Rowman and Littlefield.

Michelle, V.A. 2005. The relationship of emotional intelligence and marital satisfaction. PhD-proefschrift. Alliant Internasionale Universiteit, San Diego.

Miller, S. 2013. Clinical reasoning and decision-making in cases of child alignment: diagnostic and therapeutic issues. In Baker en Sauber (reds.). 2013.

Mitcham-Smith, M. en W.J. Henry. 2007. High-conflict divorce solutions: parenting coordination as an innovative co-parenting intervention. *The Family Journal*, 15(4):368–73.

Mojtabai, R., E.A. Stuart, I. Hwang, W.W. Eaton, N. Sampson en R.C. Kessler. 2017. Long-term effects of mental disorders on marital outcomes in the National Comorbidity Survey ten-year follow-up. *Social Psychiatry and Psychiatric Epidemiology*, 52(10):1217–26.

Neff, R. en K. Cooper. 2004. Parental conflict resolution: six-, twelve-, and fifteen-month follow-ups of a high-conflict program. *Family Court Review*, 42(1):99–114.

Painter, K.D. 2016. Impact of parental interference on children in high conflict divorce. PhD-proefschrift. Nova Southeastern Universiteit.

Pedro-Carroll, J., E. Nakhnikian en G. Montes. 2001. Assisting children through transition: helping parents protect their children from the toxic effects of on-going conflict in the aftermath of divorce. *Family Court Review*, 39(4):377–92.

Polak, S. en M. Saini. 2019. The complexity of families involved in high-conflict disputes: a post-separation ecological transactional framework. *Journal of Divorce and Remarriage*, 60(2):117–40.

Ravitz, A. 2011. Helping families and children in high conflict divorces. *Adolescent Psychiatry*, 1(3):204–9.

Roodt, L., C. Wessels en S. Smith. 2021. Development of an educational programme for parents to prevent adjustment problems in children during the divorce process. *Child Abuse Research in South Africa*, 22(1):90–103.

Rubin, A. en E. Babbie. 2015. *Essential research methods for social work*. 4de uitgawe. Belmont, CA: Brooks/Cole, Cengage Learning.

Rutter, M. 2005. Environmentally mediated risks for psychopathology: research strategies and findings. *Journal of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry*, 44(1):3–18.

Saini, M. 2012. Reconceptualizing high-conflict divorce as maladaptive adult attachment response. *Families in Society: The Journal of Contemporary Social Services*, 93(3):173–80.

Saini, M., T. Black, K. Lwin, A. Marshall, B. Fallon en D. Goodman. 2012. Child protection workers' experiences of working with high-conflict separating families. *Children and Youth Services Review*, 34(7):1309–16.

Saposnek, D.T. en C. Rose. 2004. *The psychology of divorce. Handbook of financial planning for divorce and separation*. New York: John Wiley.

Sarrazin, J. en F. Cyr. 2007. Parental conflicts and their damaging effects on children. *Journal of Divorce and Remarriage*, 47(1–2):77–93.

Scharff, K.E. 2004. Therapeutic supervision with families of high-conflict divorce. *International Journal of Applied Psychoanalytic Studies*, 1(3):269–81.

Sellars, M., K.M. Detering, C. Sinclair, B. White, K. Buck, R. Ruseckaite, J.M. Clayton en L. Nolte. 2019. Personal and interpersonal factors and their associations with advance care planning documentation: a cross-sectional survey of older adults in Australia. *Journal of Pain and Symptom Management*, 59(6):1212–22.

Shujja, S., A. Akram, J. Holzapfel en A.K. Randall. 2020. Perceived ex-husband rejection and psychological distress among Pakistani remarried women following divorce: does emotional intelligence moderate? *Current Psychology: A Journal for Diverse Perspectives on Psychological Issues*, 2020:1–12.

Smit, A.E., M.V. Antokolskaia en C.C. Bijleveld. 2015. Between Scylla and Charybdis: a literature review of sexual abuse allegations in divorce proceedings. *Psychology*, 6(11):1373–84.

Smit, M. 2009. Gesinsbemiddelingsproses met inagneming van die “Children’s Act, Act 38 of 2005”. PhD-proefschrift. Universiteit van Suid-Afrika.

Smith, S., C. Wessels en H. Strydom. 2018. A critical analysis of different international models for the assessment of child sexual abuse cases in South Africa. *Child Abuse Research in South Africa*, 19(2):74–87.

Smyth, B.M. en L.J. Moloney. 2017. Entrenched post-separation parenting disputes: the role of interparental hatred? *Family Court Review*, 55(3):404–16.

Stacer, D.L. en F.A. Stemen. 2000. Intervention for high conflict custody cases. *American Journal of Family Law*, 14(4):242–51.

Statistiek Suid-Afrika (Statistics South Africa). 2020. Marriages and divorces 2018. (Statistical release PO307). <http://www.statssa.gov.za/publications/P0307/P03072017.pdf>.

Strasheim, C.R. 2008. G08-1817 Successful transitions for high conflict families. Historical Materials from University of Nebraska – Lincoln Extension, 2900. <https://digitalcommons.unl.edu/extensionhist/2900/> (10 November 2023 geraadpleeg).

Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human professions. In De Vos e.a. (eds.). 2011.

Taylor, R.J. 2005. Therapeutic implications of behaviour change theory in post-divorce counselling and education programs. *Journal of Divorce and Remarriage*, 42(3/4):75–82.

Thomas, E.A., L.A. Hamrick, G.P. Owens en Y.T. Tekie. 2019. Posttraumatic growth among undergraduates: contributions from adaptive cognitive emotion, regulation and emotional intelligence. *Traumatology*, 26(1):68–73.

Treloar, R. 2018. High-conflict divorce involving children: parents’ meaning-making and agency. *Journal of Social Welfare and Family Law*, 40(3):340–61.

—. 2019. Parents making meaning of high-conflict divorce. *Australian and New Zealand Journal of Family Therapy*, 40(1):85–97.

Trocmé, N. en N. Bala. 2005. False allegations of abuse and neglect when parents separate. *Child Abuse and Neglect*, 29(12):1333–45.

Visser, M., C. Finkenauer, K. Schoemaker, E. Kluwer, R. van der Rijken, J. van Lawick, H. Bom, J.C. de Schipper en F. Lamers-Winkelmann. 2017. I’ll never forgive you: high-conflict

divorce, social network and co-parenting conflicts. *Journal of Child and Family Studies*, 26(11):3055–66.

Zastrow, C. 2010. Introduction to social work and social welfare: empowering people. United States: Brooks/Cole Cengage Learning.

## Eindnota

<sup>1</sup> Alhoewel forensiese maatskaplike werk 'n algemene begrip in maatskaplike werk is, moet maatskaplike werkers daarop let dat alhoewel forensiese maatskaplike werk as spesialisveld deur die South African Council for Social Service Professions (SACSSP) erken word, maatskaplike werkers nog nie as sulks kan regstreer nie.